



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

DRAMATIESE KUNSTE

EKSAMENRIGLYNE

GRAAD 12

2021

Hierdie riglyndokument bestaan uit 36 bladsye.

INHOUD

1. INLEIDING	3
DOELWITTE	3
2. VAKINHOUD	4
2.1 <i>Kurrikulum- en Asseseringsbeleidverklaring</i>	4
2.2 Kurrikulumkomponent van die <i>KABV</i>	4
2.3 Asseseringskomponent van die <i>KABV</i>	4
2.4 Toneeltekste – Voorgestel en Voorgeskrif	4
2.5 Handboek	4
3. ASSESSERING	5
3.1 Asseseringdoelwitte	5
3.2 Formele Jaarlikse Asseseringsprogram vir Graad 10, 11 en 12	5
3.3 Onderrig, Leer en Asseseringsgewig van Inhoudsdekking wat in Graad 10, 11 en 12 Behandel is	7
3.4 Verduideliking van Kognisie	7
3.5 Inhoud wat Betrekking het op Vorige Grade	8
3.6 Gewig van Kognitiewe Prosesvlakke en Kennisvlakke	10
3.7 Uitdagingsgrade	10
3.8 Vereistes en Gewig van die Komponente van die Jaarlikse Asseseringsprogram	10
4. SKOOLGEBASEERDE ASSESSERING	11
Skoolgebaseerde Assesering – Oorsig	11
5 PRAKTIESE EKSAMEN	11
5.1 Praktiese Eksamen: Voldoen aan Streng Eksamenomstandighede	11
5.2 Praktiese Eksamen: Opsies	11
5.3 Praktiese Asseseringstake as Boublokke vir die Praktiese Eksamen	11
5.4 Temaprogram: Proses en Formaat vir Standaardisering	12
5.5 Temaprogram: Onderrig en Bou van Gestandaardiseerde Vaardighede – Rubriek	14
5.6 Oudisieprogram: Proses en Formaat – Standaardisering	16
5.7 Oudisie-/Temaprogram: Finale Nasionale Eksterne Praktiese Eksamen – Rubriek	17
5.8 Tegniese Teaterprogram: Proses en Formaat – Standaardisering	20
5.9 Tegniese Teaterprogram: Onderrig en Bou van Vaardighede – Standaardisering: Ontwerp – Rubriek	22
5.10 Tegniese Teaterprogram: Onderrig en Bou van Vaardighede – Standaardisering: Regie/Teatervervaardiging – Rubriek	24
5.11 Tegniese Teaterprogram. Onderrig en Bou van Vaardighede – Standaardisering: Filmproduksie – Rubriek	26
5.12 Tegniese Teaterprogram: Onderrig en Bou van Vaardighede – Standaardisering: Verhoogbestuur – Rubriek	28
5.13 Vereistes vir Dag van Praktiese-/Opvoeringseksamen: Vereiste vir Nasionale Standaardisering in die Nege Provinsies	30
6. GESKREWE EKSAMEN	31
6.1 Geskrewe Eksamen – Oorsig	31
6.2 Geskrewe Eksamen – Formaat	31
6.3 Bykomende Onderwerpe uit die Graad 10 en 11-kurrikulum wat in Graad 12 Geëksamineer kan word	32
6.4 Geskrewe Eksamen – Asseseringsmatriks en Vakraamwerkinstrument: Oorsig	33
6.5 Geskrewe Eksamen – Asseseringsmatriks en Vakraamwerkinstrument: Ontwerp en Doel	34
6.6 Geskrewe Eksamen – Asseseringsmatriks en Vakraamwerkinstrument: Voorbeeld	35
7. SLOT	36

INLEIDING

Die *Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklaring (KABV)* vir Dramatiese Kunste beskryf die aard en doel van die vak Dramatiese Kunste. Dit gee leiding aan die filosofie wat die basis is van die onderrig en assessering van die vak in graad 12.

Die doel van hierdie Eksamenriglyne is om:

- Duidelikheid te gee oor die diepte en omvang van die inhoud wat in die graad 12 Nasionale Seniorcertifikaat (NSS) -eksamen in Dramatiese Kunste geassesseer gaan word.
- Bystand te verleen aan onderwysers om leerders doelmatig vir die eksamens voor te berei.

Hierdie dokument gee aandag aan die finale graad 12 eksterne eksamens. Dit behandel op geen vlak die Skoolgebaseerde Assessering (SBA), Praktiese Assesseringstake (PAT'e) of finale eksterne praktiese eksamens, wat in 'n aparte PAT-dokument verduidelik word en elke jaar opgedateer word, nie.

Hierdie Eksamenriglyne moet gelees word saam met:

- *Die Nasionale Kurrikulumstelling (NKS) se Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklaring (KABV): Dramatiese Kunste*
- Die Nasionale Protokol vir Assessering: 'n *Addendum tot die beleidsdokument, die Nasionale Senior Sertifikaat: 'n Kwalifikasie op Vlak 4 op die Nasionale Kwalifikasieraamwerk (NKR) rakende die Nasionale Protokol vir Assessering (Graad R–12)*
- Nasionale beleid met betrekking tot die program- en promosievereistes van die Nasionale Kurrikulumstelling, Graad R–12

DOELWITTE

Dramatiese kunste-leerders beoog om:

- Die menslike instrument (liggaam/stem/denke/emosies) as 'n medium van uitdrukking, kommunikasie en kreatiwiteit te ontwikkel
- Met dramavaardighede, tegnieke en prosesse te eksperimenteer en om dramatiese elemente betekenisvol in beide individuele en in andere te vorm
- Skep en bied dramatiese produkte in 'n reeks vorme (liries, narratief, dramaties) en style (realisties, verhewe) aan, individueel sowel as in samewerking met ander
- Beginsels en elemente van drama in tekste en opvoerings binne konteks van Suid-Afrika en die wêreld, te verstaan, te analiseer en te interpreteer
- Te besin oor hul eie en ander se dramatiese prosesse, praktyke en produkte en om dit te evalueer
- Insig te ontwikkel oor hoe die dramatiese kunste waardes, kulture en identiteite bekragtig, uitdaag en vier
- Betrokke te raak by hedendaagse kwessies deur middel van Dramatiese Kunste

2. VAKINHOUD

2.1 *Kurrikulum-en-Assesseringsbeleidsverklaring (KABV)*

Onderwysers moet ten alle tye deur die Suid-Afrikaanse Nasionale Departement van Basiese Onderwys se *Kurrikulum-en-Assesseringsbeleidsverklaring (KABV)* vir die vak Dramatiese Kunste gelei word.

2.2 *Kurrikulumkomponent van die KABV*

Die breë onderwerpe en onderwerpe vervat in hierdie dokument verseker dat die relevante en toepaslike onderrig en leer van die vak se konsepte, inhoud, vaardighede, kennis, waardes, ingesteldhede, tegnieke, beginsels en bevoegdheids deur die onderwyser onderrig en geëksamineer sal word en deur die leerders getoon word soos dit deur toegepaste vaardigheid deur die leerders bereik is.

2.3 *Assesseringskomponent van die KABV:*

Die volgende vier assesseringskomponente word gebruik om die *KABV* breë onderwerpe en onderwerpe te assesser/eksamineer:

- 2.3.1 Skoolgebaseerde Assesering (SGA): Eksamens
- 2.3.2 Skoolgebaseerde Assesering (SBA): Praktiese Asseseringstake (PAT'e)
- 2.3.3 Praktiese Eksamens: Vraestel 2
- 2.3.4 Geskrewe/Teoretiese Eksamens: Vraestel 1

2.4 *Dramatekste.*

- **Voorgestel (graad 10 en 11)**
- **Voorgeskryf (Graad 1)**

Die dramatekste, soos vereis deur die *KABV*-onderwerpe, sal deur 'n Nasionale Kurrikulum-taakspan, bestaande uit die DBO se provinsiale verteenwoordiger op die Nasionale Vakkomitee, DBO-eksaminators, DBO-moderators, provinsiale vakadviseurs, en spesialis-onderwysers gekies word.

Al nege provinsies sal op hierdie taakspan verteenwoordig word. Vir graad 10 en 11 mag onderwysers hulle voorkeurtoneeltekstitels kies. Die toneeltekste moet egter aan die volgende voldoen. Tekste moet:

- Gepubliseer wees
- Beskikbaar wees om te koop
- Met die *KABV* in lyn wees ten opsigte van:
 - Onderwerpe se inhoud, konsepte, ens.
 - Onderwerp-genre of dramatiese beweging
 - Graad se ingangs- en uitgangsvlakke

Dramatekste mag onder geen omstandighede gefotokopieer word nie. Dit is onwettig en skole/onderwysers kan vervolgt word. Skoolhoofde moet seker maak dat daar 'n Dramateksbegrotingstoekenning by die jaarlikse norme en standaarde ingesluit is wat by die distrik ingelewer word.

2.4 *Handboek*

Sien die Departement van Basiese Onderwys se *Katalogus vir Handboeke/Catalogue for Textbooks*. Onderwysers moet ten alle tye onderrig, leer en assessering hierdie handboeke baseer.

3. ASSESSERING

3.1 Assesseringsdoelwitte

Assessering moet beide informeel (assessering vir leer) en formeel (assessering van leer) te wees. In beide gevalle moet daar deurlopend aan leerders terugvoering gegee word om verbetering van hulle leer van die *KABV*-onderwerpe en die kriteria (vaardighede, kennis, tegnieke en inhoud) te verseker.

Assessering moet:

- Die onderwyser in staat stel om betroubare waarnemings en oordeel ten opsigte van 'n leerder se vordering te maak
- Leerders inlig oor hulle sterk en swak punte, areas vir verbetering en vordering
- Onderwysers, ouers en ander belanghebbendes help om besluite rondom die leerproses en vordering van leerders te neem

Die assesseringstake wat 'n formele assesseringsprogram vir die jaar behels, word beskou as formele assessering. Take word nagesien en formeel deur die onderwyser aangeteken vir die doel van bevordering en sertifisering. Alle formele assesseringstake is onderwerp aan moderering met die doel van gehalteversekering en om te verseker dat gepaste standaarde gehandhaaf word.

3.2 Formele Jaarlikse Assesseringsprogram vir Graad 10, 11 en 12

FORMELE JAARLIKSE ASSESSERINGSPROGRAM GRAAD 10 EN 11			
FORMELE INTERNE ASSESSERING SKOOLGEBASEERDE ASSESSERING Gedurende die jaar			
KWARTAAL 1	KWARTAAL 2	KWARTAAL 3	KWARTAAL 4
Taak 1: Praktiese Assesserings- taak PAT <ul style="list-style-type: none"> • Geskrewe Afdeling (25) • Praktiese Afdeling (25) 	Taak 2: Praktiese Assesserings- taak PAT <ul style="list-style-type: none"> • Geskrewe Afdeling (25) • Praktiese Afdeling (25) 	Taak 5: Praktiese Assesserings- taak PAT <ul style="list-style-type: none"> • Geskrewe Afdeling (25) • Praktiese Afdeling (25) 	Taak 6: Finale Eindeksamen <ul style="list-style-type: none"> • Praktiese eksamen (150)
	Taak 3: Halfjaar-kontroletoets <ul style="list-style-type: none"> • Praktiese Eksamen (100) 		Taak 7: Finale Eindeksamen <ul style="list-style-type: none"> • Geskrewe Eksamen (150)
	Taak 4: Halfjaar-kontroletoets <ul style="list-style-type: none"> • Geskrewe Eksamen (100) 		

FORMELE JAARLIKSE ASSESSERINGSPROGRAM GRAAD 12			
FORMELE INTERNE ASSESSERING SKOOLGEBASEERDE ASSESSERING Gedurende die jaar (25% van die NSS)			FORMELE FINALE NASIONALE EKSTERNE EKSAMEN Jaareindeksamen
KWARTAAL 1	KWARTAAL 2	KWARTAAL 3	KWARTAAL 4
Taak 1: Praktiese Assesseringstaak PAT <ul style="list-style-type: none"> Geskrewe Afdeling (25) Praktiese Afdeling (25) 	Taak 2: Praktiese Assesseringstaak PAT <ul style="list-style-type: none"> Geskrewe Afdeling (25) Praktiese Afdeling (25) 	Taak 3: Praktiese Assesseringstaak PAT <ul style="list-style-type: none"> Geskrewe Afdeling (25) Praktiese Afdeling (25) 	Vraestel 1 Geskrewe vraestel (150)
		Taak 4: Voorbereidende eksamen <ul style="list-style-type: none"> Geskrewe eksamen (150) 	
		Taak 5: Voorbereidende eksamen <ul style="list-style-type: none"> Praktiese Eksamen (150) 	
		FORMELE FINALE NASIONALE EKSTERNE EKSAMEN Jaareindeksamen Vraestel 2 <ul style="list-style-type: none"> Praktiese Eksamen (150) 	

Vak: DRAMATIESE KUNSTE (Graad 10 en 11)**Jaarlikse Assesseringsprogram vir SGA (Praktiese Take, Toetse en Finale Einde-van-die-Jaar-eksamen)**

	KWARTAAL 1	KWARTAAL 2		KWARTAAL 3	KWARTAAL 4		
Taak-nommer	1	2	3	4	5	6	7
Taak-naam	PAT 1 <ul style="list-style-type: none"> Geskrewe Afdeling (25) Joernaal Praktiese Afdeling (25) Dramatiese Item 1 	PAT 2 <ul style="list-style-type: none"> Geskrewe Afdeling (25) Opstel of Navorsing Praktiese Afdeling (25) Dramatiese Item 2 	Middel-van-die-jaar <ul style="list-style-type: none"> Geskrewe Afdeling (Kontrole-toets) 	Middel-van-die-Jaar Praktiese <ul style="list-style-type: none"> 2 x Individuele Items + Een skakel 	PAT 3 <ul style="list-style-type: none"> Geskrewe Afdeling (25) Opstel of Navorsing Praktiese Afdeling (25) Dramatiese Item 	Einde-van-jaar Geskrewe Eksamen	Einde-van-Jaar Praktiese Eksamen <ul style="list-style-type: none"> 3 x Individuele Items + Twee skakels
Punte-toekenning Vas	25 + 25 = 50	25 + 25 = 50	100	100	25 + 25 = 50	150	150
Gewig van elke Taak	13,3%	13,3%	10%	10%	13,3%	20%	20%

Finale Gewigswaarde van SGA, PAT en Finale Eksamen vir Aantekening op die Vakpuntestaat/SASAMS

PAT = 30%	SGA = 30%	Finale Einde-van-Jaar-eksamen = 40%	FINALE SGA = 100%
------------------	------------------	--	--------------------------

Vak: DRAMATIESE KUNSTE (Graad 12)**Jaarlikse Asseseringsprogram vir SGA (Praktiese Asseseringstaketake, Toetse EN Finale Voorbereidende-eksamen)**

Taaknommer	KWARTAAL 1		KWARTAAL 2		KWARTAAL 3	
	1	2	3	4	5	
Taaknaam	PAT 1 • Geskrewe Afdeling (25) Joernaal • Praktiese Afdeling (25) Dramatiese Item 1	PAT 2 • Geskrewe Afdeling (25) Opstel of Navorsing • Praktiese Afdeling (25) Dramatiese Item 2	PAT 3 • Geskrewe Afdeling (25) Opstel of Navorsing • Praktiese Afdeling (25) Dramatiese Item 3	Voorbereidende Geskrewe Eksamen	Voorbereidende Praktiese Eksamen • 3 x individuele Items + • Twee skakels	
Puntetoekenning Vas	25 + 25 = 50	25 + 25 = 50	25 + 25 = 50	100	100	
Gewig vir Elke Taak vir die Interne SGA uit 100%	20%	20%	20%	20%	20%	
Gewig Herlei na 50% vir die NSS Totaal	10%	10%	10%	10%	10%	

Finale gewigstoekenning van SBA, PAT en Finale Eksamen vir Aantekening op die Vak-puntestaat/SASAMS

**PAT/SGA + Finale Voorbereidende eksamen: 50% + Finale DBO Nasionale Eksamen: 50% = 100%
vir die Finale Nasionale Senior Sertifikaat**

LET WEL: Daar sal in 2021 GEEN halfjaareksamen of kontroletoetse vir graad 12 wees nie. Die DBO sal alle provinsiale departemente in kennis stel as daar enige verandering ten opsigte van die besluit is.

3.3 Onderrig-, Leer- en Asseseringsgewigswaarde van Inhoudsdekking in Graad 10, 11 en 12

	BREË ONDERWERPE	Tydtoekenning: 4 uur/week, asook naskoolse praktiese oefening
1	Persoonlike Hulpbronontwikkeling	20% = 30 minute tot 1 uur per week
2	Toneelspel en Aanbieding	30% = 1 tot 1,5 uur per week + 1 uur repetisietyd/week buite klastyd
Onderwerp 1 en 2 is in wese prakties van aard en moet ongeveer 2 uur-kontaktyd in beslag te neem, met ten minste 1 ekstra uur, bestaande uit repetisietyd of privaat oefentyd wat weekliks na klastyd plaasvind. Hierdie onderwerpe moet, waar moontlik, geïntegreer te word, sodat leerders vaardighede ontwikkel wat hulle onmiddellik in die praktiese opvoering kan toepas.		
3	Opvoeringstekste in Konteks	40% = 1,5 tot 2 uur per week
4	Teater-en/of Filmproduksie	10% = Modulêr
Onderwerp 3 en 4 is in wese teoreties, alhoewel dit deur praktiese leerervaring ontdek en verstaan kan word. Hierdie onderwerpe moet, waar moontlik, geïntegreer te word, sodat leerders verstaan hoe praktiese aspekte van produksie op opvoeringstekste aangewend word. Ongeveer 2 uur-kontaktyd word aan hierdie onderwerpe toegestaan.		

3.4 Inhoud wat Betrekking het op Vorige Grade

Eksamens kan inhoud uit vorige grade bevat wat 'n impak het op, of vordering na inhoud in die graad 12-kurrikulum gestipuleer, kan reflekteer. Dit is besonder relevant in Persoonlike Hulpbronontwikkeling en Toneelspel en Aanbieding aangesien hierdie breë onderwerpe ontwikkelingsgerig is en inhoud, konsepte, vaardighede en tegnieke deurlopend oor drie jaar ontwikkel, toegepas en getoon word. Dit is ook van toepassing op onderwerp 3 waar graad 12-tekste 'n historiese inhoud wat in vroeëre grade gedek is, reflekteer.

3.5 Verduideliking van Kognisie

In Dramatiese Kunste is daar twee sleuteltaksonomieë wat gebruik word om konsepte, inhoud, vaardighede, tegnieke, ens. te meet. Dit is:

1. Bloom se taksonomie
2. Dave se taksonomie

3.5.1 Bloom se Taksonomie (Anderson en Krathwohl) 2000

Die oorspronklike Bloom se taksonomie is meer as 50 jaar oud. Die verfynde Bloom se taksonomie word sedert 2000 gebruik. Die verskil in die opgedateerde weergawe is in die nuttige en uitvoerige byvoegings van hoe die taksonomie met die volgende kruis:

- (a) Kognitiewe prosesvlak: Onthou, Begryp, Analiseer, Toepas, Evalueer, Skep
- (b) Kompleksiteit van denkprosesse: Kennisvlak: Feitelik, Konseptueel, Prosedureel, Metakognitief

Meta Denke Prosedurele Denke Konseptuele Denke Feitlike Denke	SKEPPING	Verbind idees uit verskillende bronne saam om nuwe perspektiewe of oorspronklike produkte te skep	Skep, Ontwerp, Ontwikkel, Vind uit, Formuleer, Maak op, Hipotetiseer, Beplan, Formuleer, Produseer	90%-100%
	EVALUERING	Beoordeel die waarde van navorsing of inhoud, gebaseer op kriteria of standaarde, vergelyk idees en identifiseer die sterk en swak punte van skolasiese werk	Beoordeel, Waardeer, Verdedig, Vergelyk die waarde	80%-90%
	ANALISERING	Ondersoek teorieë om bewyse en verwantskappe tussen die verskillende dele of aspekte te vind	Vergelyk, Ondersky, Kies, Wys uit, Kategoriseer, Klassifiseer	60%-79%
	AANWENDING	Gebruik idees op nuwe maniere en pas teorieë toe op verskillende situasies	Kies, Skets, Los op, Gebruik, Demonstreer, Organiseer	40%-59%
	BEGRIP	Beskryf wat kennis beteken, vind die belangrikste idees, som tendensies op en verduidelik die betekenis daarvan	Som op, Verduidelik, Illustreer, Gee voorbeelde	30%-39%
	MEMORISERING	Memoriseer en onthou konsepte, inhoud, vaardighede, tegnieke, waardes, houdings teenoor, karakter eienskappe en prinsiepe in jou vak	Definieer, Lys, Onthou, Identifiseer	0%-29%

KRUISING:

KENNIS-VLAK/ DENKPROSESSE (Moeilikeidsvlakke)	KOGNITIEWE PROSESVLAKKE (kognitiewe kompleksiteit)					
	ONTHOU	BEGRIP	TOEPAS-SING	ANALISE-RINGA	EVALU-ERING	SKEPPING
FEITELIK	Maak 'n Lys	Som op	Klassifiseer	Orde	Orde	Kombineer
KONSEPTUEEL	Beskryf	Interpreteer	Eksperimenteer	Verduidelik	Assesering	Beplan
PROSEDUREEL	Tabuleer	Voorspel	Bereken	Onderskei	Aflei	Saamstel
META-KOGNITIEF	Gepaste gebruik	Uitvoer	Konstrueer	Bereik	Aksie	Aktualiseer

Bogenoemde is 'n illustrasie van **kognitiewe prosesse** met die **denkprosesse/kennisvlakke**. Met gebruik van 'n eenvoudige kruisruitnet of tabel soos hierbo, word aktiwiteite en doelstellings gepas by die soorte kennis en die kognitiewe prosesse soos vereis deur 'n vraag. Onderwysers gebruik dit om te bepaal watter kognitiewe vlakke hulle van die leerders vereis, asook watter kennisvlakke.

3.5.2 Dave se Taksonomie (Ravindra H. Dave) (1970)

Meta Denke Prosedurele Denke Konseptuele Denke Feitlike Denke	NATURALISERING	'n Hoë vlak van kreatiewe en innoverende opvoering word bereik met aksies wat geïntegreerd en tweede natuur is	Foutloos, Skeppend, Innoverend, Geen foute nie	A++	95%-100%					
				A+	90% - 95%					
				A	80% - 90%					
	ARTIKULASIE	Verskeie aksies, vaardighede en tegnieke word op 'n harmonieuse en gekoördineerde manier uitgevoer	Opgelos Bemeester, Aangepas, Gekombineerd, Verander	B	70% - 79%					
					PRESISIE	Die aksies is meer presies, maar met nog enkele foute. Presisie is nie perfek nie. Dit is om duidelik, geartikuleerd, akkuraat, korrek, glad 'beheersd', en met finesse op te voer	Vaardige opvoering, Besig om 'n kenner te word	C	60% - 69%	
	MANIPULASIE	Aksies word vanuit die geheue en geleerde instruksies opgevoer	Implimenteer, Herskep, Demonstreer Opvoer	D					40% - 49%	
									E	50% - 59%
	NABOOTSIING	Die leerder is besig om te leer of het geleer om instruksies en aksies te kopieër. Aksies is saamgestel uit konsepte, inhoud, vaardighede, kennis, waardes, houdings teenoor, prinsiepe en karaktereenskappe in die vak	Herhaal, Dupliseer, Naboots, Kopieër	F	20% - 39%					
					G	10% - 19%				
						H	0 - 9%			

Psigomotoriese vaardighede kan gedefinieer word as daardie vaardighede en vermoëns wat 'n fisiese komponent benodig. Hierdie vaardighede vereis 'n mate van behendigheid, soepelheid of krag. Motoriese beheer word benodig. Dit sluit geestelike gereedheid (verstandelike/geestelike gereedheid vir optrede), fisiese gereedheid (fisiese gereedheid vir optrede) en emosionele gereedheid (bereidwilligheid om op te tree) in.

Hierdie taksonomie moet gebruik word in die onderrig, leer en assessering van die drie PAT'e se praktiese afdelings (drie dramatiese items) asook in die praktiese eksamen.

Waar onderwysers nie vertrou is met die praktyk om 'n taksonomie te gebruik om onderrig en leer te lei nie, moet hulle deur provinsiale beamptes opgelei word. Onderwysers moet ook daaraan herinner word dat die eksamen op taksonomieë en rubrieke gebaseer is en dus is dit logies dat onderrig en leer hierdie beginsels van kennisvlakke, kognitiewe vlakke en denkprosesse moet insluit. Onderwysers moet hulleself met die gebruik van die twee taksonomieë vertrou maak en dit gebruik.

Bloom se taksonomie moet vir inhoud, teoretiese en skryfvaardighede, en kennis gebruik word. Dave se taksonomie is 'n psigomotoriese taksonomie en moet verstaan en gebruik word vir die praktiese inhoud, kennis en vaardighede.

3.6 Gewig van Kognitiewe Prosesvlakke en Kennisvlakke

Onderwysers moet seker maak dat alle take in die Jaarlikse Asseseringsprogram voldoen aan die kognitiewe proses- en kennisvlakke, soos gestipuleer in die kolom hieronder. Dit sal verseker dat leerders voorbereid is op die ontwerp en vereistes van die finale jaareindeksamen wat ook in die kolom hieronder gestipuleer is.

Kognitiewe Proses- en Kennisvlakke	Aktiwiteit	Persentasie van Taak
Vlak 1 en 2 Kennis en begrip (onthou en verstaan) Feitelike en Konseptuele Kennisvlakke	Basiese denkvaardighede (bv. feitelike herroeping, laer-orde- begrip en laer-orde-toepassing)	30%
Vlak 3 en 4 Toepassing en Analise (toepas en ontleed) Konseptuele en Prosedurele Kennisvlakke	Medium/Middel hoër-orde-denkvaardighede (bv. meer gevorderde toepassing, interpretasie en laer-orde-analise)	40%
Vlak 5 en 6 Evaluering en skepping (evalueer en skep) Prosedurele en Metakognitiewe Kennisvlakke	Hoër-orde-denkvaardighede (bv. gevorderde analitiese vaardighede, evaluering en kreatiewe probleemoplossing)	30%

3.7 Uitdagingsgrade

Alle eksamens, en die meerderheid assesseringstake in Dramatiese Kunste, moet subvrae van verskillende uitdagingsgrade, naamlik maklik, matig en moeilik, insluit. Die volgende gewigswaardes van die uitdagingsgrade word algemeen aanvaar as geskik vir die graad 10–12-eksamens.

Maklik	Matig	Moeilik
30%	40%	30%

Let daarop dat uitdagingsgrade nie noodwendig aan spesifieke kognitiewe vlakke gekoppel is nie. 'n Vraag op 'n hoër-orde-denkvak hoef nie noodwendig moeilik te wees nie, terwyl 'n vraag op 'n laer-orde-denkvak nie noodwendig maklik hoef te wees nie.

Byvoorbeeld:

- Wanneer 'n vergelyking van Realistiese of Dramatiese Teater met 'n ander genre gemaak word, sal die gepaste **kognitiewe prosesvlak** hoër orde wees (bv. evaluering), maar die graad van **kennisvlak**, afhangend van die konteks van die vraag en inligting verskaf, kan maklik wees.
- 'n Ongesiene prakties-gebaseerde vraag sal as **hoër-orde-denkvak/kognitiewe vlak** beskou word (d.i. skep), maar kan maklik, gemiddeld of moeilik met betrekking tot die uitdaging wees, afhangend van die konteks van die vraag en die inligting wat verskaf word.

Onderrig, leer of assessering van of inhoud, vaardighede, kennis, konsepte of 'n vraag maklik, matig of moeilik is, is gebaseer op die gebruik en toepassing van Bloom se taksonomie. Die aksiewerkwoorde en die kognitiewe vlakke, asook die vier denkprosesse, bepaal die moeilikheidsvlak. Eksaminatore en moderatore moet verseker dat eksamenvraestelle en memorandum die volle omvang van vermoëns van leerders akkommodeer.

3.8 Vereistes en Gewigwaarde van die Komponente van die Jaarlikse Asseseringsprogram vir Graad 12

Praktiese Asseseringstake	Eksamen	Finale Eksterne Eksamenvraestel 2 Prakties	Finale Eksterne Eksamenvraestel 1 Geskrewe
Herlei na 25% van die NSS		Herlei na 75% van die NSS	
NSS: 25 % + 75 % = 100%			

4. SKOOLGEBASEERDE ASSESSERING

Oorsig

Skoolgebaseerde assessering is 'n formele interne assesseringskomponent van die formele nasionale finale eksamenpunt. Die SGA-assesseringstake, die praktiese assesseringstake en SGA-eksamens is voorbereiding vir die finale eksterne eksamen.

Maak seker dat alle leerders die SGA-take voltooi om sodoende 'n stewige basis van konsepte, inhoud, kennis, vaardighede, tegnieke, waardes, houdings en bevoegdhede te verseker.

Indien die SGA-take nie ingelewer of voltooi word nie, sal die leerder 'n '999' ontvang wat 'onvoltooid' beteken. Dit is egter belangrik dat 'n leerder voldoende geleentheid gebied word om SGA-take te doen, te voltooi en in te lewer.

Verwys na die Praktiese Assesseringstaak se Riglyne vir meer inligting ten opsigte van die vereistes van die drie individuele praktiese assesseringstake. Hierdie dokument sal leiding verskaf oor die eksamen.

5. PRAKTIESE EKSAMEN (FINALE JAAREIND)

5.1 Praktiese Eksamen: Voldoen aan Streng Eksamentoestande

Die praktiese eksamen het dieselfde status as die geskrewe eksamen. Dieselfde streng eksamentoestande wat op die geskrewe eksamens van toepassing is, moet op die praktiese eksamens toegepas word.

- Dit is die plig van die provinsiale eksamendirektorate, distrikte en skoolhoofde om te verseker dat praktiese eksamens dieselfde respek, ondersteuning en toewyding as geskrewe eksamens ontvang.
- Skoolhoofde moet 'n spesifieke dag/dae op die rooster toeken vir beide die halfjaar- en eindeksamens.
- Die DramatieseKunste-onderwyser moet ondersteuning kry met betrekking tot die gereedmaak van die lokaal asook die papierwerk/dokumente vir die eksamen.
- Op die dag van die eksamen moet daar 'n bykomende persoon beskikbaar wees om te verseker dat daar GEEN geraas van ander klasse af is nie. Dit is dieselfde streng eksamenomstandighede as vir die geskrewe eksamen.

5.2 Praktiese Eksamen: Opsies

Hierdie afdeling sal duidelikheid gee ten opsigte van die suksesvolle onderrig, leer en assessering van die praktiese eksamen, vanaf die beplanning tot implementering tot optrede tot aantekening en die finale rapportering/verslaggewing.

Die finale praktiese eksamen is intern vir graad 10 en 11 en ekstern vir graad 12.

Daar is drie opsies beskikbaar vir kandidate om van te kies vir hulle praktiese eksamen:

Temaprogram OF

Oudisieprogram OF

Tegniese Teaterprogram: Ontwerp of Regie of Filmproduksie of Verhoogbestuur

5.3 PAT'e (Praktiese Assesseringstake as Boublokke vir die Praktiese Eksamen)

Voordat die werklike eksamen bespreek kan word, is dit belangrik om te verstaan wat kandidate moet voltooi alvorens hulle vir hulle praktiese eksamen voorbereid sal wees. Vir elke jaar vanaf graad 10 tot 11 tot 12, moet kandidate drie PAT praktiese afdelings en hulle drie onderskeie dramatiese items voltooi. Regdeur die VOO-fase sal die kandidate nege dramatiese items voltooi wat sal varieer in genre/beweging en dramatiese styl, bv.:

Genres en Dramatiese Bewegings:

Afrika-dramavorme/Commedia dell' Arte/Griekse Teater/Suid-Afrikaanse Teater/Realisme in die Teater/Elizabethaanse Teater/Epiese Teater/Gestroopte (Arm) Teater/Absurde Teater/Postmoderne Teater

Dramatiese Style:

Gedig/monoloog/prosa/lofgedig/gedramatiseerde prosa/storievertelling-mimiek/fisiese teater/beweging/mimiek.

Kandidate moet drie uiteenlopende dramatiese items vir elke praktiese eksamen kies, bv.

Commedia dell' Arte: Monoloog

Elizabethaans: Gedig

Suid-Afrikaanse prosa

OF

Griekse teater: Gedig

Afrika-dramavorme: Storievertelling

Absurde teater: Monoloog

Die bogenoemde varieer nie slegs ten opsigte van genre/dramatiese beweging nie, maar ook m.b.t. die styl van die dramatiese item.

5.4 Temaprogram. Proses en Formaat vir Standaardisering

Ten einde die temaprogram -ontwerp, inhoud, proses, voorbereiding en finale produk in die nege provinsies te standaardiseer, moet die volgende instruksies gebruik word:

Kandidate, deur die onderwyser gehelp, moet:

1. Konsolideer, aan die begin van die proses, die formaat van die temaprogram.
2. Bespreek die belangrikheid en konsolideer die skeppingsproses en voortdurende inskrywings vir elke individuele kandidaat se *Praktiese Eksamenjoernaal* as 'n geskrewe rekord van die onderrig en leer van die drie dramatiese items en die skakels.
3. Fasiliteer die KABV-onderwerpe wat verband hou met praktiese eksamenwerk (stem, emosie, fisiese, toneelspelmetodes ens.) met die leerders. Dit sal hulle voorsien van die konteks, inhoud, vaardighede, kennis, tegnieke, waardes, houdings en bevoegdhede om hulle groei en vordering te meet.
4. Bespreek die rubriekriteria van die temaprogram met die leerders om hulle 'n instrument te gee waarmee hulle die vordering en groei van hulle leer kan meet en assesseer. Hierdie kriteria is: voorbereiding, stemproduksie, verhoogruimte, skakels, begrip van dramatiese items, emosionele verbintenis, verbintenis met die leerder, impak van die program, speler se impak op die program.
5. Bespreek Dave se taksonomie met die leerders en verduidelik die vaardighede en tegnieke benodig om punte op die onderskeie vlakke te behaal. Verduidelik hoe hulle beter en sterker vaardighede en tegnieke moet stel ten einde hoër punte op die volgende vlak van Dave se taksonomie te bereik.
6. Onderrig, leer en assesseer die KABV-onderwerpe vir die praktiese eksamen en die temaprogram om te verseker dat die joernaal die konsepte/inhoud/vaardighede/teorie en praktiese aspekte, soos deur die kurrikulum vereis, bevat.
7. Indien 'n kandidaat nie in staat is om deel te neem aan die praktiese eksamen nie, sal die onderwyser, eksterne eksaminator/moderator en eksamenpaneel hierdie geskrewe rekord en die assessering van die onderwyser ten opsigte van die vordering in die praktiese werk gebruik om 'n punt vas te stel.
8. Met die hulp van die onderwyser en hulle groep moet elke kandidaat **drie kontrasterende items** kies as deel van hulle temaprogram.
9. Kandidate word **slegs** toegelaat om dramatiese items soos 'n gedig, monoloog, prosa, ens. uit 'n gepubliseerde teks te gebruik.

10. Wees bewus van sosiale, kulturele, persoonlike en godsdienstige sensitiwiteit van ander persone wanneer dramatiese items gekies word.
11. Ten minste EEN van die dramatiese items moet van 'n Suid-Afrikaanse dramavorm/styl/genre wees.
12. Die oorblywende TWEE dramatiese items moet verskillende dramatiese vorms/style/genres, soos inheemse Afrika dramavorme, inheemse Afrika mondelinge tradisie, Commedia dell'Arte, Griekse Teater, Elizabethaanse Teater, Realisme in die Teater, Epiiese Teater, Absurde Teater, Postmoderne Teater, Suid-Afrikaanse Teater, ens. insluit.
13. Oorweeg 'n kandidaat se sterk punte en voorkeure by die keuse van die drie dramatiese items. Veelsydigheid is 'n sleutelement in die finale eksterne praktiese eksamen.
14. Verdeel die kandidate in groepe van vier tot ses lede.
15. Elke groep hou 'n dinkskrum ten opsigte van moontlike temas en kies een finale tema teen die einde van die proses.
16. Pas die vaardighede, tegnieke van die *KABV*-onderwerpe vir praktiese optrede op die temaprogram toe.
17. Skep gepaste skakels tussen die onderskeie items van die lede in die groep.
18. Die duur van die temaprogram moet ongeveer vyf minute per kandidaat wees.
19. Let daarop dat die gebruik van tegniese elemente en kostuums nie geëksamineer word nie. Jy mag, slegs as dit absoluut noodsaaklik is, 'n rekwisiet of kostuum gebruik om 'n karakter of 'n genre voor te stel, bv. 'n wynbottel om 'n dronk persoon voor te stel of 'n kopdoek/serp om 'n ouer vrou voor te stel. Die vloei van die temaprogram moet nie deur 'n kostuum of rekwisiete gesteur word nie.
20. Repeteer die temaprogram tot 'n uitstekende finale optrede.
21. Daar moet so gou as moontlik 'n dag vasgestel word vir die praktiese eksamen wat al die deelnemers pas: groep, onderwyser, skool en eksterne eksaminator. Die dag, tyd en lokaal vir die praktiese eksamen sal in sommige provinsies deur die areakantoor/streeks/distriks/provinsiale eenheid gekommunikeer word. In ander provinsies kan onderwysers hulle eie datum en tyd bepaal en dit aan die kurrikulum adviseur en eksterne eksaminator/moderator bekend maak.
22. Kleredragkode: standaard swart drag (T-hemp en broek of romp) moet gedra word. Geen persoonlike juweliersware mag gedra word nie. Waar van toepassing moet lang hare uit die gesig weggebind wees. Elke kandidaat moet 'n groot, duidelike verskillende kleur lint, materiaal, ens om die arm of op die heup of bors vertoon. Dit dien as identifikasie vir die onderwyser, eksterne eksaminator/moderator en eksamenpaneel.
23. Vir die eksamenproses moet elke groep kandidate 'n volledige harde kopie, bestaande uit die tekste van die dramatiese items wat vir hulle temaprogram opgevoer sal word, saamstel. Die dramatiese items moet georganiseer wees in lopende volgorde in die harde kopie van die program.
24. In die geval waar 'n leerder se moedertaal verskillend is van die skool se taal van onderrig mag die leerder EEN dramatiese item kies in sy/haar moedertaal. Die item moet egter vertaal wees in die taal van onderrig; Dramatiese Kunste, en in die temaprogram se harde kopie ingesluit word.

5.5 Temaprogram

Bespreek die kriteria (konsep, kennis en vaardighede) asook die vlakbeskrywers van die rubriek met elke leerder aan die begin van die jaar. Verseker dat hulle verstaan dit is die amptelike eksameninstrument waarteen hulle temaprogram, vraestel 2, prakties gemeet sal word. Hulle moet al hulle PAT-afdelings asook hulle praktiese eksamen dramatiese items voorberei met die doel om al 10 die genoemde kriteria in die rubriek te bereik.

Dit is ook noodsaaklik om Dave se taksonomie met die leerders te bespreek om te verseker dat hulle vertrouwd is met die toenemende ontwikkeling van vaardighede op elk van die onderskeie vlakke en die verwante punttoekenning vir elke vlak.

TEMAPROGRAM				RUBRIEK			
VLAK	1	2	3	4	5	6	7
KOGNITIEWE VLAKKE BLOOM	ONTHOU	BEGRIP	TOEPASSING	ANAISERING	ANALISERING EVALUERING	EVALUERING	SKEPPING
DENKPROSES	FEITELIKE	FEITELIKE	KONSEPTUELE	KONSEPTUELE	PROSEDUREEL	PROSEDUREEL	METAKOGNITIEWE
PSIGOMOTORIESE VAARDIGHEDE. DAVE	NABOOTSING	NABOOTSING	MANIPULERING	MANIPULERING	PRESIASIE	ARTIKULERING	NATURALISERING
SIMBOOL	G	F	E	D	C	B	A- A A+
AKSIEWOORDE	Min, geen bewys nie	Bassies, bietjie konteks, direk	Sinvol, redelik	Gepas, bevredigend, genoegsaam	Betekenisvol, uitgebreid, omvangryk	Uitstekend, prysenswaardig, besonder	Buitengewoon, superieur, onverwags
PERSENTASIE	0–29%	30–39%	40–49%	50–59%	60–69%	70–79%	80–100%
VOORBEREIDING Woorde, genres. Subteks, interpretasie, betekenis, styl, karakterisering, variasie in Dramatiese items	Toon min of ken slegs die woorde van al die items. Min selfvertroue of bewys van denkprosesse, beplanning, deurdagtheid en repetisie. Beperkte verbeelding/nabootsing.	Ken die woorde, verstaan die items en hul subtekste, basiese selfvertroue, bewys van denke, beplanning en repetisie, bietjie verbeelding	. Redelike verstaan van die teks toepassing, en die sub tekste en is selfversekerd. Pas goeie oordeel toe van denke, beplanning en repetisie.	Gepaste manipulasie en uiteensetting van die items en die subtekste, het selfvertroue, deurdagte denke, beplanning en repetisie.	Besondere ontleding van die teks en subtekste baie selfvertroue en stewige oordeelsvermoë, deeglike beplanning en repetisie.	Uitstekende artikulasie en oorspronklike vertolking van die teks en sub tekste, merkwaardige selfvertroue en uitstekende waarde oordeel en repetisie.	Buitengewone begrip, toepassing, analise en bostaande oorspronklikheid in die vertolking van die teks en subtekste. Uitstekende selfvertroue en buitengewone toepassing van denkprosesse, beplanning en repetisie.
STEMPRODUKSIE Tempo, ritme, duidelikheid, projeksie, toonhoogte, artikulasie, tempo, aksent, beheer, volume, korrekte asemhaling, modulatie, aksente, resonansie, interpretasie van teks, stem variasie, karakterisering.	Toon min of basiese kennis van stem produksie. Beperkte verbeelding/nabootsing	Effense begrip van die tegniese vaardighede en bevoegdheid. Vokale interpretasie en variasie en min of. Bietjie verbeelding/nabootsing	Redelike begrip van die tegniese vaardighede en bevoegdheid. Vokale interpretasie en variasie is redelik	Genoegsame verstaan en goeie toepassing en analise van tegniese vaardighede. Die vokale interpretasie en variasie is aanvaarbaar	Beduidende en goeie toepassing van tegniese vaardighede. , toepassing en analise. Die vokale interpretasie en variasie is aansienlik en uitgebreid.	Uitstekende artikulasie en skepping van tegniese vaardighede. Vertolking van tekste en afwisseling is aansienlik.	Uitsonderlike begrip , toepassing, analise, evaluering en voortrefflike oorspronklikheid in die skep van die vertolking . Vokale vertolking van teks is buitengewoon
VERHOOGRUIMTE Verhoog area, vlakke en afmetings, Blokkering	Toon min of basiese kennis van verhoogruimte met min verbeelding/nabootsing	Vertroue in die gebruik van verhoogruimte en verstaan die beginsels. Effense verbeelding/nabootsing.	Redelike begrip en toepassing van die beginsels vir die gebruik van verhoog ruimte.	Bevredigende en toepaslike begrip, toepassing en uiteensetting van die verhoogruimte.	Uitgebreide en betekenisvolle begrip, toepassing analise van die beginsels en uiteensetting van die verhoogruimte - beginsels	Uitstekende bewonderingswaardig vertolking en kreatiewe gebruik van die verhoogruimte -beginsels.	Buitengewone en bewonderingswaardige vertolking en kreatiewe gebruik van die verhoogruimte- beginsels.
SKAKELS Seleksie, skepping, lengte van oorgange, styl, genre, doel en betekenis	Toon min of basiese kennis van skakels met min verbeelding/nabootsing	Direkte begrip en deelname in skakels om die betekenis en vloei van die program te ondersteun. Effense verbeelding/nabootsing.	Redelike en verstandige begrip en toepassing van die beginsels van hoe om skakels te gebruik vir die betekenis en vloei van die program	Bevredigende en toepaslike begrip en toepassing van die beginsels van hoe om skakels te gebruik vir die betekenis en vloei van die program	Uitgebreide en betekenisvolle begrip en toepassing van die beginsels van hoe om skakels te gebruik vir die betekenis en vloei van die program	Uitstekende en prysingswaardige begrip en toepassing van die beginsels van hoe om skakels te gebruik vir die betekenis en vloei van die program	Buitengewone en uitsonderlike begrip en toepassing van die beginsels van hoe om skakels te gebruik vir die betekenis en vloei van die program
BEGRIP Dramatiese items, genre, styl, konvensies, betekenis, interpretasie, karakterisering	Toon min of basiese kennis van die beginsels van dramatiese items met min verbeelding/nabootsing	Toon kennis en begrip van die beginsels van dramatiese items met effense verbeelding./nabootsing	Toon kennis en begrip in die toepassing van dramatiese beginsels.	Toon genoegsame kennis en begrip met bevredigende toepassing van die beginsels van dramatiese elemente.	Toon kennis en begrip. Vertoon aansienlike en belangrike beginsels vir die toepassing en evaluering van dramatiese beginsels en items.	Toon kennis en begrip. Vertoon uitstekende en prysenswaardige toepassing evaluering en kreatiewe gebruik van die beginsels van dramatiese items.	Toon kennis en begrip. Vertoon buitengewone en meesterlike toepassing, evaluering en toepassing van dramatiese beginsels en items.
FISIËSE WERK Liggaamsbewustheid, postuur, ontspanning, beheer, ruimtelike bewustheid, gebare, beheer, gesigsuitdrukking, beweging, fokus, konsentrasie, energie, emosionele vertolking	Toon min of basiese kennis van fisiese vaardighede met min verbeelding/nabootsing.	Toon kennis en begrip van fisiese vaardighede op 'n direkte manier effense verbeelding/nabootsing.	Toon kennis en begrip van die toepassing van fisiese vaardighede op 'n verstandige wyse.	Toon genoegsame kennis en begrip van hoe om fisiese vaardighede aan te wend.	Toon uitgebreide kennis en begrip van hoe om fisiese vaardighede betekenisvol aan te wend	Toon uitgebreide kennis en begrip van hoe om fisiese vaardighede kreatief aan te wend	Toon analitiese kennis en begrip, lewer buitengewone en voortrefflike toepassing van fisiese vaardighede.

EMOSIONELE VERBINDING Emosionele geheue, kies relevante emosies, toegang tot oorspronklike emosies, eerlike interpretasie, beheer	Toon min of basiese kennis van hoe om emosionele aanklank te vind met min verbeelding/nabootsing.	Verstaan die basiese beginsels en vaardighede van hoe om emosionele aanklank te vind met effense verbeelding/nabootsing.	Verstaan en pas emosionele verbintenisse en die vaardighede waaruit hierdie kriteria bestaan toe.	Verstaan, analiseer en pas die emosionele kontak vaardighede so toe dat genoegsame aanklank gevind word.	Verstaan, analiseer en wend emosionele verbintenisse so aan dat uitgebreide aanklank geskep word.	Artikuleer en vertoon uitstekende kreatiwiteit in emosionele verbintenisse sodat dit bewondering afdwing.	Verstaan, analiseer, evalueer en pas emosionele verbintenisse so kreatief toe dat buitengewone konneksie plaasvind op alle vlakke van die kriteria.
LUISTERVAARDIGHEDE Fokus, betrek, in die oomblik, lyftaal, emosionele toon, hoe woorde uitgespreek word, ontvang (intensies, sub teks, motiewe, begeertes), reageer natuurlik	Toon min of basiese kennis van luistervaardighede met min verbeelding/nabootsing.	Ken en weet wat luistervaardighede is en maak kontak met die spreker met effense verbeelding/nabootsing.	Ken, verstaan en pas luistervaardighede toe. Maak kontak met die spreker. Kontak met spreker is redelik en verstandig.	Ken, verstaan en pas luistervaardighede toe. Maak kontak met die spreker. Kontak met spreker is gepas en genoegsaam.	Ken, verstaan en pas luistervaardighede toe. Maak kontak met die spreker op 'n ingrypende wyse.	Artikuleer die vaardighede en konsepte van luister, skep oorspronklike maniere van luister met 'n uitstekende verbintenis met die spreker.	Skep oorspronklike maniere van luister met 'n buitengewone verbintenis met die spreker.
DRAMATIESE IMPAK VAN DIE PROGRAM Keuse, inhoud en tema van die dramatiese items, optrede van die kandidaat, veelsydige optrede, (style, genres, konvensies, aksente, toneelspel, vokale vaardigheid, unieke benadering)	Toon min of basiese kennis van die vaardighede nodig om 'n impak te skep met die optrede.	Elementêre vertoning en inhoud. Toon kennis en verstaan van die vaardighede en elemente om 'n basiese impak te maak.	Matige vertoning en konteks om mee te leef te skep, toon kennis en vaardighede om redelike impak te maak.	Genoegsame kontak met inhoud van die program en verstaan van hoe die vaardighede aangewend moet word om 'n belangrike impak te maak.	Uitgebreide kennis en konneksie met die inhoud van die program om 'n noemenswaardige impak te skep. Aangrypende spel met kreatiewe gebruik van kennis en vaardighede analities aangewend om by die produksie te pas.	Prysenswaardige vertoning wat aanklank vind deur die demonstrasie van artikulasie, vaardighede en kennis sodoende 'n dramatiese impak op die gehoor te hê.	Buitengewone vertoning en inhoud. Toon kennis, begrip, toepassing, analise, evaluering en skeppende en onverwagte gebruik van vaardighede en elemente om 'n uitsonderlike impak te maak. Holisties geïntegreerde vertoning.
SPELER SE IMPAK VAN DIE PROGRAM Veelsydigheid in genre, styl, karakterisering, vokale en fisiese vaardigheid, energie, verhoog impak, spesiale, kreatiwiteit, sinergie met medespelers.	Onbetrokke vertoning en inhoud. Toon min of basiese kennis van die vaardighede en elemente nodig om toneel te skep. Beperkte verbeelding/nabootsing.	Elementêre vlak en basiese veelsydigheid. Toon begrip van die vaardighede en elemente om 'n basiese vertoning te kan lewer. Effense verbeelding. Vertoning en konteks.	Matige vlak en redelike veelsydigheid. Toon kennis en verstaan van vaardighede en die elemente om 'n redelike vertoning te kan lewer.	Genoegsame en aanvaarbare veelsydigheid. Toon begrip en kennis van die vaardighede om 'n vertoning te skep, ten einde die program se sukses te verseker.	Substantiewe en uitgebreide veelsydigheid. Toon kennis en begrip van die vaardighede en elemente van 'n vertoning wat 'n belangrike stelling sal maak.	Deeglike en uitstekende veelsydigheid. Toon artikulasie en kreatiewe gebruik van die vaardighede en elemente om 'n vertoning te skep wat aanbevelingswaardig is.	Uitstekende vlak van veelsydigheid. Toon kennis en begrip, kan toepassing bewerkstellig van die vaardighede en elemente nodig om 'n uitnemende vertoning daar te stel.

5.6 Oudisieprogram: Proses en Formaat – Standaardisering

Ten einde die oudisieprogramontwerp, inhoud, proses, voorbereiding en finale produk binne die nege provinsies te standaardiseer moet die volgende instruksies toegepas word:

Kandidate, deur die onderwyser gefasiliteer, moet die volgende bespreek en daaraan voldoen:

1. Die oudisieprogram is nie 'n maklike keuse nie en slegs kandidate wat die volle ondersteuning van hulle onderwyser het en wat toegewyde, vasberade, sterk spelers is, mag die program doen.
2. Die kurrikulumadviseur/vakadviseur/senior onderwyskundige in elkeen van die nege provinsies moet onderwysers versoek om 'n geskrewe brief, waarin toestemming gevra word om die program te doen, in te lewer voordat 'n kandidaat die oudisieprogram vir die finale eksterne praktiese eksamen mag doen.
3. Konsolideer reeds aan die begin die proses en formaat van die oudisieprogram.
4. Konsolideer en bespreek die belangrikheid van die skeppingsproses en volgehoue inskrywings vir elke individuele kandidaat se Praktiese Eksamenjoernaal as 'n geskrewe rekord van die onderrig en leer van die drie dramatiese items.
5. Fasiliteer die *KABV*-onderwerpe wat verband hou met praktiese eksamenwerk (stem, emosie, fisiese, toneelspelmetodes, ens.) met die leerders. Dit sal hulle voorsien van die konteks, inhoud, vaardighede, kennis, tegnieke, waardes, houdings en bevoegdhede om hulle groei en vordering aan te meet
6. Bespreek die rubriek van die oudisieprogram met die leerders om hulle 'n instrument te gee waarmee hulle die vordering en groei van hulle leer kan meet en assesseer. Hierdie kriteria is: voorbereiding, stemproduksie, verhoogruimte, skakels, begrip van dramatiese items, emosionele verbintenis, verbintenis met die leerder, impak van die program, speler se impak op die program
7. Bespreek Dave se taksonomie met die leerders en verduidelik die vaardighede en tegnieke benodig vir punte op die onderskeie vlakke. Verduidelik hoe hulle beter vaardighede en tegnieke moet aanwend ten einde hoër punte op die volgende vlak van Dave se taksonomie te kan bereik.
8. Onderrig, leer en assesseer die *KABV*-onderwerpe vir die praktiese eksamen en die oudisieprogram om te verseker dat die joernaal al die konsepte, inhoud/vaardighede en praktiese aspekte, soos deur die kurrikulum vereis, bevat
9. In die geval waar 'n leerder nie in staat is om deel te neem aan die praktiese eksamen nie, sal die onderwyser, eksterne eksaminator/moderator en eksamenpaneel hierdie geskrewe rekord en die assessering van die onderwyser ten opsigte van die vordering in die praktiese werk gebruik om 'n punt vas te stel.
10. Met die hulp van die onderwyser moet elke kandidaat drie kontrasterende items kies as deel van hulle oudisieprogram.
11. Kandidate word slegs toegelaat om 'n gedig, monoloog, prosa uit 'n gepubliseerde teks te gebruik.
12. Wees bewus van sosiale, kulturele, persoonlike en godsdienstige sensitiwiteit van ander persone wanneer dramatiese items gekies word.
13. Ten minste een van die drie dramatiese items moet van 'n Suid-Afrikaanse dramavorm/styl/genre wees.
14. Die oorblywende twee dramatiese items moet verskillende dramatiese vorms/style/genres soos inheemse Afrika-dramavorme, inheemse mondelinge tradisie, Commedia dell' Arte, Griekse Teater, Elizabethaanse Teater, Realisme in die Teater, Epiese Teater, Absurde Teater, Postmoderne Teater, Suid-Afrikaanse Teater, ens. insluit.
15. Oorweeg 'n kandidaat se sterk punte en voorkeure by die keuse van die drie dramatiese items. Veelsydigheid is die sleutelement in die finale eksterne praktiese eksamen
16. Skep gepaste skakels tussen die verskillende dramatiese items.
17. Die lengte/duur van die oudisieprogram moet ongeveer vyf tot tien minute wees.
18. Let daarop dat die gebruik van tegniese middels en kostuums nie geëksamineer word nie. Jy mag, slegs as dit noodsaaklik is, 'n kostuum of rekwisiet gebruik om 'n karakter of genre voor te stel, bv. 'n wynbottel om 'n dronk persoon voor te stel of 'n kopdoek/serp om 'n ouer

vrou voor te stel. Die vloei van die program moet nie onderbreek word met kostuum of rekwisiete nie.

19. Repeteer die oudisieprogram tot 'n uitstekende finale optrede.
20. Kleredragkode: Standaard swart klere (T-hemp, broek of romp) moet gedra word. Geen persoonlike juwele mag gedra word nie. Waar van toepassing moet lang hare uit die gesig gebind wees. Elke kandidaat moet 'n duidelike verskillende kleur lint, materiaal, ens. om die arm of op die heup of bors vertoon as identifikasie vir die onderwyser, eksterne eksaminator/moderator en eksamenpaneel.
21. So gou as moontlik moet daar 'n dag vasgestel word vir die praktiese eksamen wat al die deelnemers pas: kandidate, onderwyser, skool en eksterne eksaminator. Die datum moet op dieselfde dag wees as wanneer die ander kandidate hulle temaprogram/tegniese teaterprogram vir die eksamen doen.
22. Die dag, tyd en lokaal vir die praktiese eksamen sal in sommige provinsies deur die arekantoor/streks/distriks/provinsiale eenheid gekommunikeer word. In ander provinsies mag onderwysers hulle eie datum en tyd bepaal en die kurrikulumadviseur en eksterne eksaminator/moderator in kennis stel.
23. Vir die eksamenproses moet kandidate 'n volledige harde kopie, bestaande uit die tekste van die dramatiese items wat opgevoer sal word, saamstel. Die dramatiese items moet georganiseer wees in lopende volgorde as 'n harde kopie van die program.
24. In die geval waar 'n leerder se moedertaal verskillend is van die skool se taal van onderrig mag die leerder een dramatiese item kies in sy/haar moedertaal. Die item moet egter vertaal wees in die taal van onderrig van Dramatiese Kunste en in die program as 'n harde kopie ingesluit word.

5.7 Oudisie-/Temaprogram: Finale Nasionale Eksterne Praktiese Eksamen – Rubriek

Bespreek die kriteria (konsepte, kennis en vaardighede) asook die vlakbeskrywers van die rubriek met elke leerder regdeur die jaar. Maak seker dat hulle verstaan dat dit is die amptelike eksameninstrument waarteen hulle temaprogram, vraestel 2, prakties gemeet sal word. Hulle moet al hulle PAT-afdelings asook hulle praktiese eksamen dramatiese items voorberei met die doel om al 10 die genoemde kriteria in die rubriek te bereik.

Dit is ook noodsaaklik om Dave se taksonomie met die leerders te bespreek om te verseker dat hulle vertrouwd is met die toenemende ontwikkeling van vaardighede op elkeen van die onderskeie vlakke en die verwante puntetoekenning vir elke vlak.

OUDISIEPROGRAM							RUBRIEK
VLAK	1	2	3	4	5	6	7
KOGNITIEWE BLOOM	GEHEUERETENSIE	BEGRIP	TOEPASSING	ANALISERING	ANALISE EVALUERING	EVALUERING	SKEPPING
DENKPROSES	FEITELIKE	FEITELIK	KONSEPTUEEL	KONSEPTUEEL	PROSEDUREEL	PROSEDUREEL	METAKOGNITIEF
PSIGOMOTORIESE VAARDIGHEDE. DAVE	NABOOTSIING	NABOOTSIING	MANIPULERING	MANIPULERING	PREISIE	ARTIKULERING	NATURALISERING
SIMBOOL	G	F	E	D	C	B	A-
AKSIEWOORDE	Min, geen bewye nie	Basies, direk	Sinvol, redelik	Gepas, bevredigend, genoegsame	Betekenisvol, uitgebreid, prysenswaardig	Uitstekend, bewonderingswaardig, meriete	Uitsonderlik, superieur, onverwags
PERSENTASIE	0–29%	30–39%	40–49%	50–59%	60–69%	70–79%	80–100%
VOORBEREIDING Woorde, genres, subtekste, interpretasie, mening styl, karakterisering, variasie in dramatiese items, selfvertroue, deurdagtheid beplanning en repetering.	Die leerder ken nie die woorde van die drama stuk nie, het geen selfvertroue nie, en wys min bewyse van denke, beplanning en repetiesie. Min of geen nabootsing nie.	Die leerder ken die woorde. Basiese en beperkte verstaan van die stukke en onderwerpe en subtekste. Basiese vlak van nabootsing	Die leerder ken meeste van die woorde, toon 'n bietjie selfvertroue en denke, beplanning en repetiesie. Goeie bewys van nabootsing	Die leerder toon 'n gepaste kennis, begrip, analise van die stuk en subtekste. Selfversekerd, goeie oordeel beplanning en repetiesie. Uitstekende nabootsing	Die leerder ken die woorde van die stukke goed, is selfversekerd en wys dat die stuk deurdink is, beplan is en goed gerepeteer is, Bewys van presisie.	Die leerder het die woorde bemeester, 'n hoe vlak van selfvertroue en uitstekende deurdagte denke, beplanning en repetiesie. Uitstekende artikulasie.	Die leerder het die woorde bemeester, wys insig, is absoluut vol selfvertroue, die stuk is weldeurdag, beplan en ingeoefen Buitengewone artikulasie.
STEMPRODUKSIE Tydsberekening, ritme, duidelikheid, toonhoogte, uitspraak van woorde, tempo, aksent, beheer, volume, pouses, korrekte asemhaling modulatie, interpretasie van teks, stem variasie, karakterisering	Die leerder toon geen tegniese vaardighede nie. Daar is geen bewys van vokale interpretasie en geen vokale variasie in die aanbieding van die stuk nie. Min of geen nabootsing nie	Basies en beperkte begrip van vaardighede en genoegsame kennis. Stem aanwending van die teks en variasie in die sterntoon is teenwoordig maar baie basies en padlangs. Basiese graad van nabootsing	Redelike tegniese vermoë, stem interpretasie van temas en stem variasie. Goeie bewys van nabootsing.	Gepaste begrip, toepassing en ontleding van die stuk. Tegniese vaardigheid en uitvoering. Die stemgebruik en interpretasie van die stuk is aanvaarbaar. Uitstekende manipulasie.	Daar is aanmerklike tegniese bekwaamheid. Uitgebreide stem variasie en interpretasie van die stuk.	Hoogs ontwikkelde tegniese vaardigheid. Stem gebruik en interpretasie is uitstekend. Uitstekende artikulasie.	Buitengewoon ontwikkelde tegniese vaardigheid. Stem gebruik en variasie is foutloos. Buitengewone karakter ontleding.
VERHOOGRUIMTE Verhoogareas, vlakke en afmetings. Blokkering	Gebrek aan selfvertroue en 'n onvermoë om die verhoog te gebruik. Min of geen nabootsing nie.	Direkte begrip van die gebruik van die verhoogruimte. Basiese begrip van die beginsels en konvensies in die gebruik van die verhoogruimte. Basiese graad van nabootsing.	Redelike tegniese vaardigheid met die gebruik van verhoogruimte. Goeie bewys van nabootsing.	Aanvaarbare en gepaste begrip, toepassing en ontleding van die stuk en toepassing daarvan op die verhoogruimte. Uitstekende bewys van manipulasie.	Buitengewone gebruik van verhoog spasie met 'n grad van presisie.	Uitstekende gebruik van verhoog spasie totale gepas met uitstekende artikulasie.	Foutlose gebruik van verhoog spasie. Buitengewone toepassing.
BEGRIP VAN Dramatiese items, genre, konvensies, styl, betekenis, interpretasie, karakterisering	Toon geen begrip van die stuk nie en daar is geen vertolking en of karakterisering nie. Geen of min nabootsing nie.	Basiese en beperkte kennis en begrip van die beginsels en konvensies van dramatiese stukke. Basiese graad van nabootsing.	Redelike begrip van die werk en teks en uitbeelding daarvan. Goeie bewys van nabootsing	Gepaste kennis, begrip en toepassing van die dramatiese beginsels van die stuk. Uitstekende gebruik van manipulasie.	Buitengewone begrip van die werk met akkurate karakterisering en toepassing wat gepas is. Bewys van akkuraatheid.	Uitstekende begrip van die werk binne 'n uitgebreide raamwerk. Karakterisering is meestal akkuraat en toepaslik. Uitstekende artikulasie.	Foutlose begrip van die werk, die interpretasie daarvan en karakterisering daarvan is deurgaans gepas en geregtig. Uitstekende naturalisering.
FISIESE WERK Liggaamsbewustheid, postuur, ontspanning, beheer, ruimtelike bewustheid, karakterisering, gesigsuitdrukking, beweging, fokus, konsentrasie, energie, emosionele bewustheid	Kies onvanpaste bewegings of stiltes vir elke stuk. Onnodige spanning. Geen of min nabootsing nie.	Basiese en beperkte kennis van fisiese vereistes van 'n stuk en benader op 'n regstreekse manier. Basiese graad van nabootsing.	Kies redelik gepaste bewegings of stiltes. Daar is onnodige spanning in die liggaam. Goeie bewys van nabootsing.	Illustreer begrip en aanvaarbare toepassing van fisiese vaardighede.	Buitengewone keuses en 'n reeks van bewegings en stilte wat vaardigheid en beheer demonstree. Die liggaam is grootliks vry van spanning.	Uitstekende keuses en 'n reeks van gepaste bewegings en stilte wat vaardigheid en beheer illustreer. Die liggaam is in lyn en sonder onnodige spanning. Uitstekende artikulasie.	Foutlose gebruik van beweging en stiltes, geheel van toepassing in elke stuk wat uitstekende vaardigheid demonstree met selfvertroue. Geen teken van spanning nie. Buitengewone naturalisering.
EMOSIONELE VERBINDING Emosionele geheue, kies en gebruik van toepaslike emosies, internalisering, eerlike uitdrukking en beheer	Geen aanvoeling vir die emosionele aanslag van die stuk nie. Emosionele keuses is onvanpas en onoortuigend. Min of geen nabootsing nie.	Basiese en beperkte begrip van die emosionele aanslag tot die stuk. Basiese graad van nabootsing.	Redelike konneksie met die emosionele toon van die stuk. Kry dit reg om binne 'n beperkte skaal emosionele keuses te maak. Goeie bewys van manipulasie.	Gepaste begrip, toepassing en ontleding van emosionele kontak en die vaardighede nodig daarvoor. Uitstekende bewys van manipulasie.	Vind aanmerklike konneksie met die emosionele aard van die stuk. Gepaste emosionele keuses. Bewys van akkuraatheid.	Uitstekende aanklank met die toon van die werk met uitstekende emosionele keuses. Uitstekende artikulasie.	Foutlose sterk aanklank met die emosionele aspekte van die werk.

STEM- EN LIGGAAMSINTEGRASIE Beweging, stilheid, ontspanne vokale en fisiese wyse, vaardighede en tegnieke geartikuleerd en genaturaliseerd	Geen vokale interpretasie-vaardigheid nie. Kies onvanpaste beweging of stilheid vir elke stuk. Onnodige spanning en geen integrasie tussen stem en liggaam nie. Geen of min nabootsing nie.	Basiese of beperkte vokale interpretasie-vaardigheid. Kies onvanpaste beweging of stilheid vir elke stuk. Onnodige spanning en beperkte integrasie tussen stem en liggaam. Basiese graad van nabootsing.	Redelike vokale en fisiese interpretasie, daar is 'n bietjie onnodige spanning. Goeie bewyse van manipulasie.	Gepaste vokale en fisiese interpretasie en integrasie. 'n Bietjie onnodige spanning. Uitstekende bewyse van manipulasie.	Sinnvolle vokale interpretasie. Kies 'n reeks geskikte bewegings en stilheid. Betekenisvolle integrasie tussen stem en liggaam. Bewyse van presisie.	Vokale interpretasie van tekste en vokale variasie is uitstekend. Kies 'n wye reeks van uitstekende beweging en stilheid. Uitstekende integrasie van stem en liggaam. Uitstekende artikulasie.	Uitstekende vokale interpretasie van tekste en vokale variasie is uitstekend. Kies beweging/stilheid wat heeltemal geskik is vir elke stuk. Uitstekende integrasie van stem en liggaam. Uitstekende naturalisasie.
GEBRUIK VAN RITME IN OPVOERING	Geen gebruik of bewustheid van vokale, tekstuele, emosionele en karakterritme in opvoering nie. Geen of min nabootsing nie.	Basiese en beperkte gebruik en bewustheid van vokale, tekstuele, emosionele en karakterritme in opvoering. Die interpretasie en lewering is nie konsekwent nie. Basiese graad van nabootsing.	Redelike gebruik en bewustheid van vokale, tekstuele, emosionele en karakterritme in opvoering. Maar die interpretasie en lewering is nie konsekwent nie. Goeie bewyse van manipulasie.	Geskikte vlak en genoeg veelsydigheid in kennis, begrip, toepassing en analise van vaardighede en elemente om 'n opvoering te skep, op 'n geskikte wyse. Bewyse van manipulasie.	Betekenisvolle gebruik en bewustheid van vokale, tekstuele, emosionele en karakterritme in opvoering. Lewering is konsekwent en duidelik in sommige items. Bewyse van presisie.	Uitstekende en geskikte bewustheid van vokale, tekstuele, emosionele en karakterritme in opvoering. Lewering is konsekwent en duidelik in die meeste items. Uitstekende artikulasie.	Uitstaande en gemotiveerde bewustheid van vokale, tekstuele, emosionele en karakterritme in opvoering. Lewering is konsekwent en duidelik in elke item. Uitstekende naturalisasie.
VEELSYDIGHEID VAN LEERDER Drie dramatiese items, genrekontras, beweging, styl en opvoeringsmodus. Kontras tussen karakters, stem en liggaam.	Geen veelsydigheid met verskillende opvoergenres, style, modusse, en dramatiese elemente nie. Geen of min nabootsing.	Basiese en beperkte veelsydigheid met verskillende opvoergenres, style, modusse, en dramatiese elemente. Basiese graad van nabootsing.	Redelike veelsydigheid met verskillende opvoergenres, style, modusse, en dramatiese elemente. Goeie bewyse van manipulasie.	Geskikte veelsydigheid met verskillende opvoergenres, style, modusse, en dramatiese elemente. Uitstekende bewyse van manipulasie.	Betekenisvolle veelsydigheid met verskillende opvoergenres, style, modusse, en dramatiese elemente. Bewyse van presisie.	Uitstekende en geskikte veelsydigheid met verskillende opvoergenres, style, modusse, en dramatiese elemente. Uitstekende artikulasie.	Uitstaande en gemotiveerde veelsydigheid met verskillende opvoergenres, style, modusse, en dramatiese elemente. Uitstaande naturalisasie.
DRAMATIESE IMPAK VAN PROGRAM Keuse, inhoud en temas van die dramatiese items, optrede van die kandidaat, veelsydigheid, in opvoering (style, genres, konvensies, aksente, toneelspel en vokale vaardighede) unieke aanslag	Opvoering en inhoud betrek gehoor nie. Toon min of basiese kennis en vaardighede en elemente wat impak in 'n opvoering skep.	Elementêre opvoering en inhoud. Toon kennis en begrip van die vaardighede en elemente om 'n fundamentele impak te maak.	Opvoering en inhoud wat matig betrek. Toon kennis, begrip en toepassing van die vaardighede en elemente om 'n redelike impak te maak.	Opvoering en inhoud wat genoegsaam betrek. Toon kennis, begrip en toepassing, en analise en evaluering van die vaardighede en elemente om 'n genoegsame impak te maak.	Opvoering en inhoud wat wesenlik betrek. Toon kennis, begrip en toepassing, en analise en evaluering van die vaardighede en elemente om 'n beduidende impak te maak.	Prysenswaardige, innemende, opvoering en inhoud. Toon artikulasie en skeppende gebruik van vaardighede en elemente om 'n dramatiese en uitstekende impak te maak.	Uitstekende, prysenswaardige, innemende opvoering en inhoud. Toon kennis, begrip, analise, evaluering en skeppende en onverwagte gebruik van vaardighede en elemente om 'n uitsonderlike impak te maak. Holisties geïntegreerde opvoering.

5.8 Tegniese teaterprogram: Proses en Formaat – Standaardisering

Ten einde die tegniese teaterprogram-ontwerp, inhoud, proses, voorbereiding en finale produk in die nege provinsies te standaardiseer moet die volgende instruksies nagekom word:

Hierdie program bestaan uit vier opsies/keuses. Raadpleeg die *KABV*-dokument:

- **Ontwerpelement program** OF
- **Regieprogram** OF
- **Filmproduksieprogram** OF
- **Verhoogbestuurprogram**

Kandidate, deur die onderwyser gefasiliteer, moet die volgende bespreek en aan die volgende voldoen:

1. Die tegniese teaterprogram is nie 'n maklike keuse nie en slegs kandidate wat toegewyd en vasbeslote is en 'n buitengewone hoë vlak van bevoegdheid in ontwerpelemente/regie/teaterskepping/filmproduksie/verhoogbestuursvaardighede sedert graad 10 toon, mag die opsie kies. **Hierdie is nie 'n opsie vir kandidate wat sukkel met Dramatiese Kunste nie.**
2. **Geskrewe toestemming moet verkry word** by die provinsiale kurrikulum adviseur/vakadviseur/senior opvoedkundige spesialis voordat 'n kandidaat die teaterprogram vir die finale praktiese eksamen mag doen. Dit moet voorgelê word aan die eksterne eksaminator op die dag van die finale praktiese eksamen.
3. Bespreek die formaat van die teaterprogram reeds aan die begin van die jaar met die leerder. Die struktuur en inhoud van die notaboek van die ontwerper/regisseur/filmvervaardiger/verhoogbestuurder moet beplan en gefinaliseer word deur die onderwyser in samewerking met die kurrikulumadviseur vir Dramatiese Kunste aan die begin van die jaar.
4. Die proses van die tegniese program moet gedokumenteer word in elke individuele kandidaat se aangewese notaboek. Hierdie is 'n deurlopende rekord van die kandidaat se werk. Dit sal voorgelê word aan die onderwyser, eksterne eksaminator/moderator en die eksamenpaneel. Dit sal gebruik word om deel van die kandidaat se punt te bepaal.
5. Maak 'n DVD van die proses. Hierdie DVD moet aan die eksaminator oorhandig word voor die dag van die eksamen.
6. Dit is noodsaaklik om die *KABV*-onderwerp, die DBO goedgekeurde handboek en rubriek vir die teaterprogram te raadpleeg om te verseker dat die notaboek vir die ontwerper/regisseur/verhoogbestuurder/teatervervaardiger al die konsepte/inhoud/vaardighede/teoretiese en praktiese aspekte soos vereis deur die *KABV*-kurrikulum bevat. .
7. Die fokus van die tegniese teaterprogram sal wees op die oorspronklikheid, veelsydigheid en kreatiwiteit van die kandidate om rondom sekere bronne te improviseer ten einde 'n uitgebreide en effektiewe visuele en ouditiewe omgewing te skep deur gebruik te maak van verskeie ontwerpelemente eerder as om staat te maak op sofistikasie van tegniese bronne of die kundigheid van die kandidaat en die werking van 'n klank-en beligtingsstelsel.
8. Om te verseker dat die tegniese teaterprogram vergelyk met die met die tema-program en oudisie-program se omvang, gewig en kompleksiteit moet bevoegdheid getoon word in die skoolgebaseerde assessering PAT-take vir joernaal, opstel, navorsing, kort regieprogram, kontroletoets en selfs 'n geskrewe of praktiese eksamen.
9. Die eksamenpaneel sal 'n onderhoud met die ontwerp/regie/teatervervaardiger/filmprodusent/verhoogbestuur-kandidaat voer om kreatiewe besluite, interpretasie en keuses in konsepte en styl deur die kandidaat te eksamineer. Daar word aanbeveel dat die karakters ook teenwoordig moet wees om vrae oor die produksie en hulle ervarings te beantwoord.
10. Die tegniese teaterprogram bestaan uit vier opsies/keuses:

10.1 Ontwerpelement-kandidaat

Sluit die volgende by jou ontwerp-notaboek in: die gekose toneeltekst, uitgebreide en gedetailleerde navorsing, voorlopige en finale tegniese planne, sketse (met artistieke motivering) van die stel, kostuum, musiek, klankeffekte, sosiale effekte, rekwisiete, beligting, grimering, ens. Sluit ook notas in oor die rol van die ontwerper, konteks van die teks (sosiaal, politiek, godsdienstig, ekonomies, artistiek, histories, dramaties) ens.

10.2 Regiekandidaat

Sluit die volgende in jou regisseursnotaboek in: uitgebreide en gedetailleerde navorsing oor die teks, teksanalise, gegewe omstandighede, karakter se doelstellings en uitdagings, verhoudinge tussen karakters, tema-analise, visie van die produksie, produksie-ontwerpe, (voorlopige en finale tegniese planne en sketse soos stel, stelkomponente, kostuum, beligting, klank, rekwisiete ens. (met artistieke motivering), toneelspel (bv. Stanislavski) terminologie, verhoogruimte, verhoogkonvensies ens. Sluit ook geskrewe notas oor die rol van die regisseur in.

10.3 Filmprodusentkandidaat

Sluit die volgende in jou filmproduksie-notaboek in: die gekose filmteks, uitgebreide en gedetailleerde navorsing, storiebord van die filmteks, voorlopige en finale tegniese planne, sketse (met artistieke motivering) van die plek en waar dit plaasvind, kostuums, beligting, klankeffekte, rekwisiete, beligting, grimering, ens. Gedurende jou onderhoud moet jy gereed wees om jou redigeringsproses en besluite te verduidelik. Sluit ook notas oor die rol van die filmmaker in.

10.4 Verhoogbestuur-kandidaat

Sluit die volgende in jou verhoogbestuurdernotaboek in: souffleursteks, uitgebreide en gedetailleerde navorsing, voorlopige en finale tegniese planne, sketse en lys (met artistieke motivering) van die stel, vloerplan van die verhoogopstelling, kostuums, beligting, klankeffekte, rekwisiete, meublement, rolverdeling met telefoonnommers, klank-en beligtingsaanwysings, blokkering, toneelveranderings kaart met die uitleg van rekwisiete, karakters en tegniese oproepe, opening en afsluitprosedure, ens. Sluit ook notas oor die rol van die verhoogbestuurder in.

10.5 Teatervervaardiger-kandidaat

Sluit die volgende in jou teatervervaardiger notaboek in: uitgebreide en gedetailleerde navorsing oor die tema van jou beoogde toneelstuk, improvisasie tegnieke, teksprosedure, gegewe omstandighede, karakter doelstellings en uitdagings, karakterverhoudings, tema analise, produksievisie, produksieontwerp, (voorlopige en finale tegniese planne en sketse) soos stel, dekorstukke, kostuum, beligting, rekwisiete, ens. (met artistieke motivering), toneelspel (Stanislavski) terminologie, verhoogruimte, verhoogkonvensies, ens. Sluit ook notas oor die rol van die teatervervaardiger in.

11. So gou as moontlik moet daar 'n dag vasgestel word vir die praktiese eksamen wat al die deelnemers pas: Kandidate, onderwyser, skool en eksterne eksaminator. Die datum moet op dieselfde dag wees as wanneer die ander kandidate hulle tema/oudisieprogram vir die eksamen doen.
12. Die dag, tyd en lokaal vir die praktiese eksamen sal in sommige provinsies deur die arekantoor/streeks/distriks/provinsiale eenheid gekommunikeer word. In ander provinsies mag onderwysers hulle eie datum en tyd bepaal en die kurrikulumadviseur en eksterne eksaminator/moderator in kennis stel.
13. In die geval waar 'n kandidaat enige item kies in enige taal anders as die taal van onderrig vir 'n optrede moet die kandidaat die teks vertaal in die taal van instruksie van Dramatiese Kunste

5.9 Tegniese Teaterprogram: Ontwerp – Rubriek

Bespreek die kriteria (konsepte, kennis, en vaardighede) asook die vlakbeskrywers van die rubriek met elke leerder reeds aan die begin van die jaar.

Maak seker dat hulle verstaan dit is die amptelike eksameninstrument waarteen hulle tegniese teaterprogram, Vraestel 2, prakties gemeet sal word. Hulle moet al hulle PAT praktiese afdelings asook hulle praktiese eksamen dramatiese items voorberei met die doel om al 10 die kriteria in die rubriek te behaal.

TEGNIÛSE TEATERPROGRAM ONTWERP (Stel, Kostuum, Klankeffekte, Dekorstukke, Spesiale Effekte, Rekwisiete, Beligting, Grimering) RUBRIEK
--

VLAK	1	2	3	4	5
BESKRYWER	1–34%	35–49%	50–69%	70–79%	80–100%
Rol van die ontwerper	Die kandidaat slaag nie daarin om te bewys dat die rol van die ontwerper daar is om navorsing te doen, te konseptualiseer en die wêreld te aktualiseer deur die aanwending van ontwerpelemente, bv. stel, kostuum, musiek, klankeffekte, dekorstukke, spesiale effekte, rekwisiete, beligting en grimering.	Die kandidaat toon beperkte begrip dat die rol van die ontwerper is om na te vors, te konseptualiseer en die wêreld van die teks te aktualiseer deur die aanwending van ontwerpelemente, bv. stel, kostuum, musiek, klankeffekte, dekorstukke, spesiale effekte, rekwisiete, beligting, grimering.	Die kandidaat toon bevredigende bewys en begrip dat die ontwerper moet na vors, konseptualiseer en die wêreld van die teks aktualiseer deur die aanwending van ontwerpelemente, bv. stel, kostuum, musiek, dekorstukke, klankeffekte, spesiale effekte, rekwisiete, grimering.	Die kandidaat toon voldoende bewys en begrip van die rol van die ontwerper om na te vors, te konseptualiseer en die wêreld van die teks te aktualiseer deur die aanwending van ontwerpelemente, bv. stel, kostuum, musiek, klankeffekte, dekorstukke, spesiale effekte, beligting, grimering.	Die kandidaat toon uitstekende begrip en insig van die rol van die ontwerper om na te vors, konseptualiseer en die wêreld van die teks te aktualiseer deur die aanwending van ontwerpelemente, bv. stel, kostuum, musiek, klankeffekte, stelkomponente, spesiale effekte, beligting, grimering.
Gegewe omstandighede	Die kandidaat toon geen begrip van hoe om in sy/haar ontwerp die gegewe omstandighede, bv. insidente, die tydperk, die tyd, die plek van aksie en die lewenswyse te interpreteer en te realiseer nie.	Die kandidaat toon beperkte begrip van hoe om in sy/haar ontwerp die gegewe omstandighede, bv. insidente, die tydperk, die tyd, die plek van aksie en die lewenswyse te interpreteer en te realiseer.	Die kandidaat toon voldoende begrip van hoe om in sy/haar ontwerp die gegewe omstandighede, bv. insidente, die tydperk, die tyd, die plek van aksie en die lewenswyse te interpreteer en te realiseer.	Die kandidaat toon volledige en hoogs effektiewe begrip van hoe om in sy/haar ontwerp die gegewe omstandighede, bv. insidente, die tydperk, die tyd, die plek van aksie en die lewenswyse te interpreteer en te realiseer.	Die kandidaat toon uitstekende begrip van hoe om in sy/haar ontwerp die gegewe omstandighede, bv. insidente, die tydperk, die tyd, die plek van aksie en die lewenswyse te interpreteer en te realiseer.
Agtergrond en konteks	Die kandidaat toon geen begrip oor hoe om in sy/haar ontwerp die agtergrond en konteks van die toneelstuk: sosiaal, polities, godsdienstig, ekonomies, artisties, histories, teater te interpreteer en uit te beeld nie.	Die kandidaat toon beperkte begrip oor hoe om in sy/haar ontwerp die agtergrond en konteks van die toneelstuk: sosiaal, polities, godsdienstig, ekonomies, artisties, histories, teater te interpreteer en uit te beeld.	Die kandidaat toon bevredigende begrip oor hoe om in sy/haar ontwerp die agtergrond en konteks van die toneelstuk: sosiaal, polities, godsdienstig, ekonomies, artisties, histories, teater te interpreteer en uit te beeld.	Die kandidaat toon voldoende begrip oor hoe om in sy/haar ontwerp die agtergrond en konteks van die toneelstuk: sosiaal, polities, godsdienstig, ekonomies, artisties, histories, teater te interpreteer en uit te beeld.	Die kandidaat toon uitstekende begrip oor hoe om in sy/haar ontwerp die agtergrond en konteks van die toneelstuk: sosiaal, polities, godsdienstig, ekonomies, artisties, histories, teater te interpreteer en uit te beeld.
Teater-ruimte	Die kandidaat slaag nie daarin om begrip te toon van hoe om 'n gepaste ontwerp vir die verskillende verhoogruimtes te skep nie, bv. Proscenium, arena, tong, ens.	Die kandidaat slaag daarin om beperkte begrip te toon van hoe om 'n gepaste ontwerp vir die verskillende verhoogruimtes te skep, bv. Proscenium, arena, tong, ens.	Die kandidaat slaag daarin om voldoende begrip te toon van hoe om 'n gepaste ontwerp vir die verskillende verhoogruimtes te skep, bv. Proscenium, arena, tong, ens.	Die kandidaat slaag daarin om volledige en hoogs effektiewe begrip te toon van hoe om 'n gepaste ontwerp vir die verskillende verhoogruimtes te skep, bv. Proscenium, arena, tong, ens.	Die kandidaat slaag daarin om uitstekende en hoogs effektiewe begrip te toon van hoe om 'n gepaste ontwerp vir die verskillende verhoogruimtes te skep, bv. Proscenium, arena, tong, ens.
Skep van idees vir ontwerp-konseptualisering	Die kandidaat slaag nie daarin om idees te in enige detail te ondersoek vir moontlike ontwerpelemente nie of doen dit slegs in een ontwerp-kategorie.	Die kandidaat toon matige ontwikkeling van idees vir moontlike ontwerpelemente in ten minste twee ontwerp-kategorieë.	Die kandidaat toon bevredigende ontwikkeling van idees vir moontlike ontwerpelemente met 'n keuse van visuele en sensoriese materiaal vir gebruik in die finale ontwerp in ten minste twee ontwerp-kategorieë.	Die kandidaat toon voldoende ontwikkeling van idees vir moontlike ontwerpelemente met 'n goeie keuse van visuele en sensoriese materiaal vir gebruik in die finale ontwerp in ten minste drie ontwerp-kategorieë en toon ook oorspronklike denke.	Die kandidaat toon uitstekende ontwikkeling van idees vir moontlike ontwerpelemente en hou 'n dinkskrum van 'n reeks visuele en sensoriese materiaal vir gebruik in die finale ontwerp in ten minste drie ontwerp-kategorieë met gebruik van uitstekende oorspronklike denke en kreatiwiteit.

Ontwerp-elemente, visueel en ouditief	Die kandidaat slaag nie daarin om begrip, seleksie en skep van geskikte en relevante ontwerp-elemente te toon nie of doen dit net in een ontwerp-kategorieë.	Die kandidaat toon matige begrip, seleksie en skep van geskikte en relevante ontwerp-elemente te toon in ten minste twee ontwerp-kategorieë.	Die kandidaat toon voldoende begrip, seleksie en skep van geskikte en relevante ontwerp-elemente te toon in ten minste twee ontwerp-kategorieë.	Die kandidaat toon goeie begrip, seleksie en skep van geskikte en relevante ontwerp-elemente te toon in ten minste drie ontwerp-kategorieë.	Die kandidaat toon uitsonderlike begrip, seleksie en skep van geskikte en relevante ontwerp-elemente te toon in ten minste drie ontwerp-kategorieë.
Realisering van ontwerp-elemente	Die kandidaat slaag nie daarin om die idees prakties uit te voer in die finale ontwerp van die stuk nie. Dit kan wees as gevolg van onvanpaste materiaal, onvoldoende sorg, toerusting wat nie werk nie.	Die kandidaat laat die idees prakties realiseer in die finale ontwerp van die stuk in een of twee van die ontwerp-kategorieë. Sommige ontwerp-elemente kan sterker as ander wees met opmerklieke tegniese glipse in die realiteit.	Die kandidaat laat die idees prakties realiseer in die finale ontwerp van die stuk in twee van die ontwerp-kategorieë. Sommige ontwerp-elemente kan sterker wees as ander met 'n paar tegniese glipse in die realiteit.	Die kandidaat laat die idees prakties realiseer in die finale ontwerp van die stuk in ten minste drie van die ontwerp-kategorieë met goeie effek. Die meerderheid van die ontwerp-elemente werk seepglad en daar is min, indien enige, glipse in die realiteit.	Die kandidaat laat die idees prakties realiseer in die finale ontwerp van die stuk in ten minste drie van die ontwerp-kategorieë met uitsonderlike effek. Alle ontwerp- en tegniese elemente werk seepglad, terwyl dit die finale optrede en ontvangs deur die gehoor ondersteun.
Skep van 'n samehangende geheel	Die kandidaat slaag nie daarin om die onderskeie ontwerp-elemente saam te bring sodat dit in samehang bydra tot 'n dramatiese geheel nie.	Die kandidaat bring verskillende ontwerp-elemente in een of twee ontwerp-kategorieë saam maar 'n paar elemente ontbreek of is uit plek wat die skep van 'n dramatiese geheel verhoed.	Die kandidaat bring verskillende ontwerp-elemente in ten minste twee ontwerp-kategorieë saam maar sommige elemente ontbreek of is uit plek wat die skep van 'n dramatiese geheel verhoed.	Die kandidaat bring verskillende ontwerp-elemente saam in ten minste drie ontwerp-kategorieë met goeie effek wat bydra tot 'n dramatiese geheel.	Die kandidaat bring ontwerp-kategorieë seepglad saam en met uitsonderlike effek sodat dit saam bydra tot 'n samehang in die drama as geheel met groot impak en krag. Ontwerp-elemente kan gevind word oor drie of meer ontwerp-kategorieë.
Regisseur/teater-vervaardiger-notaboek	Die kandidaat lewer nie sy notaboek met bewyse van navorsing, voorlopige en finale tegniese planne/sketse soos beligting, klank, ens. met artistieke motiverings in nie en ook nie die uitvoering van die plan nie.	Die kandidaat lewer sy notaboek met beperkte, onvolledige bewyse van navorsing, voorlopige en finale tegniese planne/sketse, soos beligting, klank, ens. met artistieke motiverings in asook die uitvoering van die plan.	Die kandidaat lewer sy notaboek met genoegsame bewyse van navorsing, voorlopige en finale tegniese planne/sketse soos beligting, klank, ens. met artistieke motiverings in asook die uitvoering van die plan.	Die kandidaat lewer sy notaboek met volledige insiggewende bewyse van navorsing, voorlopige en finale tegniese planne/sketse soos beligting, klank, ens. met artistieke motiverings in asook die uitvoering van die plan.	Die kandidaat lewer sy notaboek met uitsonderlike insiggewende bewyse van navorsing, voorlopige en finale tegniese planne/sketse soos beligting, klank, ens. met artistieke motiverings in asook die uitvoering van die plan.
Onderhoud	Die kandidaat daag nie op vir sy onderhoud nie of slaag nie daarin om bevredigende antwoorde op vrae deur die eksamen-paneel te gee nie.	Die kandidaat daag op vir die onderhoud; die reaksie op vrae deur die eksamen-paneel is beperk en nie bevredigend gemotiveer nie.	Die kandidaat se reaksie op vrae deur die eksamen-paneel is voldoende en gedeeltelik gemotiveer.	Die kandidaat se reaksie op die onderhoud-paneel se vrae en navrae is insiggewend en goed gemotiveer.	Die kandidaat se reaksie op die onderhoud-paneel se vrae en navrae is uitstekend, insiggewend en hoogs gemotiveer.

5.10 Tegniese Teaterprogram: Regie/Teatervervaardiging – Rubriek

Bespreek die kriteria (konsepte, kennis, en vaardighede) asook die vlakbeskrywers van die rubriek met elke leerder reeds van die begin van die jaar af. Maak seker dat hulle verstaan dit is die amptelike eksameninstrument waarteen hulle tegniese teaterprogram, Vraestel 2, prakties gemeet sal word. Hulle moet al hulle PAT praktiese afdelings asook hulle praktiese eksamen dramatiese items voorberei met die doel om al 10 die kriteria in die rubriek te behaal.

TEGNIесе TEATERPROGRAM		REGIE/TEATERVERVAARDIGING			RUBRIEK
VLAK	1	2	3	4	5
BESKRYWER	1–34%	35–49%	50–69%	70–79%	80–100%
Die Rol van die Regisseur/Teater-Vervaardiger (R/TV)	Die kandidaat slaag nie daarin om te begryp dat die rol van die regisseur is om verantwoordelik te wees vir die algehele ouditiewe en visuele wêreld van die teks nie, soos bv. skep van 'n visie, toepassing van gepaste style en genres, tegniese aspekte, ontwerp-elemente (beligting, klank, kostuum, grimering, stel) die publisiteit (plakkaat, program en bemarking) en laastens die finale instansie die regie van die akteurs en hulle optrede.	Die kandidaat slaag gedeeltelike daarin om begrip te toon dat die rol van die R/TV is om verantwoordelik te wees vir die algehele ouditiewe en visuele wêreld van die teks, soos bv. skep van 'n visie, toepassing van gepaste style en genres, tegniese aspekte, ontwerp-elemente (beligting, klank, kostuum, grimering, stel) die publisiteit (plakkaat, program en bemarking) en laastens die regie van die akteurs en hulle optrede.	Die kandidaat slaag voldoende daarin om begrip te toon dat die rol van die R/TV is om verantwoordelik te wees vir die algehele ouditiewe en visuele wêreld van die teks, soos bv. skep van 'n visie, toepassing van gepaste style en genres, tegniese aspekte, ontwerp-elemente (beligting, klank, kostuum, grimering, stel) die publisiteit (plakkaat, program en bemarking) en laastens die regie van die akteurs en hulle optrede.	Die kandidaat het volledige begrip dat die rol van die R/TV is om verantwoordelik te wees vir die algehele ouditiewe en visuele wêreld van die teks, soos bv. skep van 'n visie, toepassing van gepaste style en genres, tegniese aspekte, ontwerp-elemente (beligting, klank, kostuum, grimering, stel) die publisiteit (plakkaat, program en bemarking) en laastens die regie van die akteurs en hulle optrede.	Die kandidaat het uitstekende en insiggewende begrip dat die rol van die regisseur is om verantwoordelik te wees vir die algehele ouditiewe en visuele wêreld van die teks, soos bv. skep van 'n visie, toepassing van gepaste style en genres, tegniese aspekte, ontwerp-elemente (beligting, klank, kostuum, grimering, stel) die publisiteit (plakkaat, program en bemarking) en laastens die regie van die akteurs en hulle optrede.
Teksanalise en Gewe Omstandighede	Die kandidaat slaag nie daarin om 'n geskikte lys van gewee omstandighede te verskaf nie.	Die kandidaat verskaf 'n onvolledige en beperkte lys van gewee omstandighede wat geskik is vir die voorgestelde toneelstuk.	Die kandidaat verskaf voldoende lys van gewee omstandighede wa ten volle geskik is vir die voorgestelde toneelstuk.	Die kandidaat verskaf 'n volledige lys van gewee omstandighede en beskryf die buigsame omstandighede.	Die kandidaat verskaf 'n volledige lys van gewee omstandighede en beskryf al die buigsame omstandighede met insig en kreatiwiteit.
Teksanalise Karakterdoelwitte en Uitdagings	Die kandidaat slaag nie daarin om 'n teksanalise en beskrywing van karakterverhoudings voor te lê nie en toon dus 'n gebrek aan begrip van die aangewese teks.	Die kandidaat verskaf 'n teksanalise en beskrywing van karakterverhoudings voor te lê wat 'n beperkte begrip van die aangewese teks toon.	Die kandidaat verskaf 'n voldoende teksanalise en beskrywing van karakterverhoudings voor te lê wat 'n begrip van die aangewese teks toon.	Die kandidaat verskaf 'n insiggewende teksanalise en beskrywing van karakterverhoudings voor te lê wat 'n begrip van die aangewese teks toon.	Die kandidaat verskaf insiggewende en kreatiewe karakterdoelwitte en uitdagings wat dui op 'n meesterlike en kreatiewe begrip van die aangewese teks.
Teksanalise Karakter-verhoudings	Die kandidaat slaag nie daarin om 'n teksanalise en beskrywing van die karakterverhoudings in te handig nie wat dui op 'n gebrek aan begrip van die toegekende teks.	Die kandidaat handig 'n beperkte teksanalise en beskrywing van die karakterverhoudings in wat dui op 'n beperkte begrip van die toegekende teks.	Die kandidaat handig 'n bevredigende teksanalise en beskrywing van die karakterverhoudings in wat dui op 'n voldoende begrip van die toegekende teks.	Die kandidaat handig 'n insiggewende teksanalise en beskrywing van die bemeestering van die toegekende teks in.	Die kandidaat handig 'n insiggewende en kreatiewe teksanalise en beskrywing van die karakterverhoudings in wat dui op die bemeestering en kreatiewe begrip van die toegekende teks.
Teksanalise Tema-analise	Die kandidaat slaag nie daarin om 'n analise van die temas in te toneelstuk voor te lê nie.	Die kandidaat lewer 'n beperkte analise van die temas in die teks in.	Die kandidaat handig 'n voldoende analise van die temas in die teks in.	Die kandidaat handig 'n insiggewende analise van die temas in die teks in.	Die kandidaat handig 'n buitengewoon kreatiewe en insiggewende analise van die temas in die teks in.
Teksanalise Regisseurs/Teater-vervaardigers se Visie	Die kandidaat slaag nie daarin om 'n regisseursvisie t.o.v. die ouditiewe en visuele wêreld van die teks te skep nie.	Die kandidaat skep 'n beperkte regisseursvisie t.o.v. die ouditiewe en visuele wêreld van die teks.	Die kandidaat skep 'n voldoende maar voorspelbare en konvensionele regisseursvisie t.o.v. die ouditiewe en visuele wêreld van die teks.	Die kandidaat skep 'n unieke regisseursvisie t.o.v. die ouditiewe en visuele wêreld van die teks.	Die kandidaat skep 'n buitengewoon unieke, kreatiewe en insiggewende regisseursvisie t.o.v. die ouditiewe en visuele wêreld van die teks.
Teksanalise Regisseurs/teater-vervaardigers se Ontwerpe	Die kandidaat slaag nie daarin om die visie vir die toneelstuk na die konkrete aspekte benodig vir die toneelstuk in die vorm van sketse of notas oor te dra nie, bv. stel, kostuum, beligting, klank, verhoogplasing, beweging, blokkering, speelstyl en genre.	Die kandidaat slaag daarin om 'n beperkte visie van die toneelstuk na die konkrete aspekte benodig vir die toneelstuk in die vorm van sketse of notas oor te dra, bv. stel, kostuum, beligting, klank, verhoogplasing, beweging, blokkering, speelstyl en genre.	Die kandidaat slaag daarin om 'n voldoende maar voorspelbare visie van die toneelstuk na die konkrete aspekte benodig vir die toneelstuk in die vorm van sketse of notas oor te dra, bv. stel, kostuum, beligting, klank, verhoogplasing, beweging, blokkering, speelstyl en genre.	Die kandidaat slaag daarin om op 'n kreatiewe manier die visie van die toneelstuk na die konkrete aspekte benodig vir die toneelstuk in die vorm van sketse of notas oor te dra, bv. stel, kostuum, beligting, klank, verhoogplasing, beweging, blokkering, speelstyl en genre.	Die kandidaat slaag daarin om op 'n kreatiewe unieke en insiggewende manier die visie van die toneelstuk na die konkrete aspekte benodig vir die toneelstuk in die vorm van sketse of notas oor te dra, bv. stel, kostuum, beligting, klank, verhoogplasing, beweging, blokkering, speelstyl en genre.
Repetisieproses Stiptelikheid	Die kandidaat slaag nie daarin om betyds vir baie repetisies en/of optredes op te daag nie.	Die kandidaat daag betyds op vir meeste van die repetisies en/of optredes.	Die kandidaat daag betyds op vir alle repetisies en/of optredes.	Die kandidaat daag vroegtydig op vir alle geskeduleerde repetisies en optredes sodat hy/sy opwarmingsoefeninge, fisies en vokaal kan doen.	Die kandidaat daag vroegtydig op vir alle geskeduleerde repetisies en optredes sodat hy/sy opwarmingsoefeninge, fisies en vokaal kan doen. Fokussoefeninge en motiveringsessies met die spelers word gedoen.
Repetisieproses Karakterisering	Die kandidaat slaag nie daarin om die keuses wat die akteur moet maak vir gepaste karakterisering volgens die teks en regisseur se interpretasie te fasiliteer nie.	Die kandidaat slaag soms daarin om die keuses wat die akteur moet maak vir gepaste karakterisering volgens die teks en regisseur se interpretasie te fasiliteer.	Die kandidaat fasiliteer die keuses wat die akteur maak vir gepaste karakterisering volgens die teks en regisseur se interpretasie genoegsaam.	Die kandidaat ondersoek en fasiliteer verskeie kreatiewe opsies om die akteur te help om die beste keuses vir karakterisering te maak volgens die teks en die regisseur se interpretasie van die teks.	Die kandidaat fasiliteer met vaardigheid en insig verskeie kreatiewe opsies om die akteur te help met die beste keuses t.o.v. karakterisering volgens die teks en die regisseur se interpretasie van die teks.
Repetisieproses Konsentrasie	Die kandidaat slaag nie daarin om sy/haar fokus te behou gedurende repetisies of optredes nie.	Die kandidaat bly gefokus op sy/haar werk tydens repetisies en optredes.	Die kandidaat is aktief besig om te fokus gedurende repetisies en optredes.	Die kandidaat is aktief besig om te fokus tydens repetisies en optredes en bied ook insig aan ander akteurs.	Die kandidaat is aktief besig om te fokus tydens repetisies en optredes en bied kreatiewe en insiggewende opsies en insig aan ander akteurs.

Repetisieproses Regie en speelstyl (Stanislawski) Terminologie	Die kandidaat slaag nie daarin om gepaste spel- en regie-terminologie te gebruik nie bv. Regie: blokkering, maskering, oorkruis, ens. Speelstyl: magiese as, konsentrasie, gegewe omstandighede, eenhede en doelwitte, emosionele herinnering, tempo-ritme, ontspanning.	Die kandidaat gebruik soms gepaste spel- en regie-terminologie, bv. Regie: blokkering, maskering, oorkruis, ens. Speelstyl: magiese as, konsentrasie, gegewe omstandighede, eenhede en doelwitte, emosionele herinnering, tempo-ritme, ontspanning.	Die kandidaat gebruik gepaste spel- en regie-terminologie, bv. Regie: blokkering, maskering, oorkruis, ens. Speelstyl: magiese as, konsentrasie, gegewe omstandighede, eenhede en doelwitte, emosionele herinnering, tempo-ritme, ontspanning.	Die kandidaat gebruik met selfvertroue gepaste spel- en regie-terminologie, bv. Regie: blokkering, maskering, oorkruis, ens. Speelstyl: magiese as, konsentrasie, gegewe omstandighede, eenhede en doelwitte, emosionele herinnering, tempo-ritme, ontspanning.	Die kandidaat gebruik gepaste spel- en regie-terminologie met selfvertroue en effektiewe en duidelike kommunikasievaardighede, bv. Regie: blokkering, maskering, oorkruis, ens. Speelstyl: magiese as, konsentrasie, gegewe omstandighede, eenhede en doelwitte, emosionele herinnering, tempo-ritme, ontspanning.
Repetisieproses Verhoogruimte	Die kandidaat slaag nie daarin om begrip te toon vir die verskille, gebruike en konvensies van verskillende verhoogruimtes nie en is nie in staat om 'n gepaste verhoogruimte vir die gekose teks te vind nie.	Die kandidaat verstaan voldoende die verskille, gebruike en konvensies van verskillende verhoogruimtes en is in staat om 'n gepaste verhoogruimte vir die gekose teks te vind.	Die kandidaat verstaan die verskille, gebruike en konvensies van verskillende verhoogruimtes en is in staat om 'n gepaste verhoogruimte vir die gekose teks te vind en gebruik dit op 'n manier wat pas by die gekose toneelstuk.	Die kandidaat verstaan die verskille, gebruike en konvensies van verskillende verhoogruimtes en is in staat om 'n gepaste en kreatiewe verhoogruimte vir die gekose teks te vind en gebruik dit op 'n kreatiewe manier wat pas by die gekose toneelstuk.	Die kandidaat verstaan die verskille, gebruike en konvensies van verskillende verhoogruimtes en is in staat om 'n kreatiewe en dinamiese verhoogruimte vir die gekose teks te vind en gebruik dit op 'n insigryke en kreatiewe manier wat pas by die gekose toneelstuk.
